First National Bank – 'n afdeling van FirstRand Bank
Beperk 'n Gemagtigde Finansiëledienste- en Geregistreerde Kredietverskaffer.
Maatskappyregnr. 1929/001225/06 NKW-regnr. NCRCP20

GEBRUIKSBEPALINGS EN -VOORWAARDES VIR KREDIETKAARTREKENING EN KREDIETFASILITEIT

Intreedatum: 1 Julie 2015

Hierdie bepalings en voorwaardes maak deel uit van die ooreenkoms wat die gebruik van die Kredietkaartrekening en Kredietfasiliteit reël, en reël voorts die verhouding tussen die Bank en die Kaarthouer. Die gebruik van die Kredietkaartrekening en/of die Kredietfasiliteit word as u aanvaarding beskou van al die bepalings en voorwaardes wat die ooreenkoms reël.

Afdelings van hierdie Dokument

Afdeling A: Bepalings en voorwaardes van toepassing op beide die Kredietkaartrekening en Kredietfasiliteit
Afdeling B: Bepalings en voorwaardes van toepassing op die Kredietkaartrekening
Afdeling C: Bepalings en voorwaardes van toepassing op die Kredietfasiliteit
Afdeling D: Beloningsprogramme
Afdeling E: Waardetoegevoegde Voordele en Dienste

Afdeling A:
Bepalings en Voorwaardes van toepassing op beide die Kredietkaartrekening en Kredietfasiliteit

1. Uitreiking van die Kredietkaartrekening en verlening van die Kredietfasiliteit

1.1 Die uitreiking van die Kredietkaartrekening en die verlening van die Kredietfasiliteit is onderhewig aan die Gebruiksbepalings en -voorwaardes van ons Kredietkaartrekening en Kredietfasiliteit soos van tyd tot tyd deur ons gepubliseer en gewysig.

1.2 Die Kredietkaartrekening is 'n Finansiëlediensteproduk ('n deposito-aanvarende en transaksionele produk) soos omskryf in die Wet op Finansiële Advies en Tussengangersdienste 37 van 2002.

1.3 Die Kredietfasiliteit is 'n fasiliteit met 'n kredietperk, soos omskryf in Artikel 8(3) van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005.

1.4 Indien 'n Kredietfasiliteit aan u verleen word, is die Kredietfasiliteit verbonde aan die Kredietkaartrekening en word dit in samewerking met die Kredietkaartrekening in stand gehou en gevolglik sal die Kredietfasiliteit nie in die afwesigheid van die Kredietkaartrekening verleen word nie.

1.5 Die Kredietkaartrekening is onafhanklik van die Kredietfasiliteit en kan in die afwesigheid van die Kredietfasiliteit verleen word.

2. Aanvaarding van hierdie Bepalings en Voorwaardes

2.1 U aansoek vir die Kredietkaartrekening en/of die Kredietfasiliteit sowel as die gebruik daarvan word beskou as u aanvaarding van al die bepalings en voorwaardes wat die ooreenkoms reël.

2.2 Indien u hierdie ooreenkoms elektronies, telefonies of skriftelik aangegaan het, sal sodanige meganismes wat gebruik is om hierdie ooreenkoms aan te gaan, geldig, bindend en onbestrede wees.

2.3 Hierdie bepalings en voorwaardes geld vir alle kliënte, behalwe waar die opskrifte die teendeel aandui.

3. Algemene verpligtinge wanneer u die Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit gebruik

3.1 Die Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit wat in u naam uitgereik is, is slegs vir u gebruik bedoel.

3.2 U mag die Kredietkaartrekening en/of die Kredietfasiliteit nie vir enige onwettige transaksies gebruik nie. Dit is u verantwoordelikheid om te bepaal of 'n transaksie wettig is voordat u die Kredietkaartrekening en/of die Kredietfasiliteit gebruik.

3.3 U Kredietkaartrekening en/of die Kredietfasiliteit mag nie gebruik word om aan aanlyndobbelaktiwiteite deel te neem of aanlynloterykaartjies in die buiteland te koop nie.

3.4 Indien u die Kredietkaartrekening en/of die Kredietfasiliteit buite die Gemeenskaplike Monetêre Gebied gebruik, moet u aan toepaslike Deviesebeheerregulasies voldoen. (Vir verdere inligting oor Deviesebeheerregulasies kan u FNB se Kredietkaart-kliëntesorgsentrum by 087 575 1111 skakel en FNB Private Wealth-kliënte kan die FNB Private Wealth-dienssuite skakel by 087 730 6000.)

3.5 U waarborg die Bank dat die toestaan en gebruik van die Kredietkaartrekening en/of die Kredietfasiliteit nie op enige wyse 'n oortreding is van die Deviesebeheerregulasies of enige soortgelyke regulasies wat van tyd tot tyd uitgevaardig word nie en dat u aan alle toepaslike Deviesebeheervereistes sal voldoen. Daarbenewens word u daaraan herinner dat Deviesebeheervereistes tans stipuleer dat Kaarthouers in wie se naam een of meer bankkrediet- en/of debietkaarte uitgereik is, toegelaat kan word om toelaatbare valutabetalings vir klein transaksies, bv. invoere oor die Internet, deur middel van sodanige krediet- en/of debietkaarte te maak. Betalings is tot R50,000.00 per transaksie beperk. Hierdie dispensasie vrywaar u nie van ad valorem doeane- en aksynsbelasting of van voldoening aan die vereistes wat deur Doeane opgelê word nie.

3.6 Ons is verplig om transaksies wat buite die Gemeenskaplike Monetêre Gebied plaasvind aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en/of die Finansiële Intelligensiesentrum te rapporteer.

3.7 Enige transaksie of betaling in 'n ander geldeenheid as Suid-Afrikaanse rande ("rande") sal in rande omgeskakel word teen Visa se heersende wisselkoers op die datum waarop die transaksie na u Kredietkaartrekening of Kredietfasiliteit toe geprosesseer word. Die transaksie sal in rande op u maandelikse rekeningstaat verskyn.

3.8 Let asseblief daarop dat handelaars moontlik nie die transaksie op die datum van die transaksie sal verwerk nie. Dit kan lei tot verskille in die wisselkoers, waarvoor u aanspreeklik sal wees.

3.9 Indien 'n handelaar die elektroniese verwerking van 'n transaksie omseil deur dit met die hand te doen, sal u vir daardie transaksie aanspreeklik wees.

3.10 Gebruik van die Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit om toegang te verkry daartoe, en transaksies aan te gaan oor ons ander leweringskanale, soos elektroniese of telefoonbankdienste, is aan die

4. Algemene verpligtinge wanneer u die Kredietkaart gebruik

4.1 Die Kredietkaart bly ons eiendom en u moet dit onmiddellik op versoek aan ons terugbesorg.

4.2 Die Kredietkaart dra die Visa-handelsmerk en word onder lisensie van Visa deur ons uitgereik. Sodra u die Kredietkaart ontvang, moet u u handtekening agterop in ink aanbring.

4.3 Indien 'n Kredietkaart met 'n magnetiese strokie aan u uitgereik word, sal u 'n PIN ontvang, wat u na goeddunke by enige FNB OTM kan verander.

4.4 Indien 'n Kredietkaart met 'n mikroskyfie en PIN aan u uitgereik word, moet u van die dienste by 'n FNB-tak gebruik maak om u PIN te verander.

4.5 Wanneer 'n Kredietkaart aan u heruitgereik word, sal die PIN wat u vir u vorige Kredietkaart gebruik het, steeds geldig wees.

4.6 Indien u heruitgereikte Kredietkaart 'n magnetiese strokie bevat, kan u hierdie PIN by enige FNB-tak of FNB OTM verander.

4.7 Indien u heruitgereikte Kredietkaart 'n mikroskyfie en PIN het, moet u van die dienste by 'n FNB-tak gebruik maak om u PIN te verander.

4.8 U moet die Kredietkaart veilig bewaar en die PIN geheim hou, en dit afsonderlik van die Kredietkaart bewaar.

4.9 Die Kredietkaart, Kredietkaartbesonderhede en PIN maak dit vir u moontlik om transaksies by handelaars uit te voer, die Kredietkaart by OTM's te gebruik en transaksies deur middel van ons toegangskanale uit te voer.

4.10 U moet die Kredietkaart slegs in die tydperk wat voorop die kaart aangedui word, gebruik, tensy dit voor die vervaldatum kragtens Klousule 14 hieronder gekanselleer word. Na hierdie tydperk sal die Kredietkaart ongeldig wees.

4.11 Wanneer 'n Kredietkaart gebruik word om goedere of dienste by 'n handelaar te koop, moet u 'n transaksiestrokie teken en/of u PIN invoer, soos deur die handelaar vereis. Indien 'n Kredietkaart met 'n kontaklose mikroskyfie en PIN aan u uitgereik is, kan dit van u vereis word om bloot u Kredietkaart te skandeer binne die koordlose reikwydte van die verkoopspunttoestel, afhangende van die waarde van die transaksie.

4.12 U moet 'n kontantonttrekkingstrokie teken wanneer u die Kredietkaart gebruik om kontant op 'n ander manier as by 'n OTM of verkoopspunttoestel te onttrek.

4.13 U VISA Kredietkaart kan saam met die PIN gebruik word om kontant tot 'n maksimum waarde van R1 500 (indien kontant beskikbaar is) van geselekteerde verkoopspunttoestelle by geselekteerde handelaars uit u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit te onttrek wanneer u vir goedere of dienste betaal.

4.14 Indien die transaksie per posbestelling, telefoonbestelling of ander toegangskanaal plaasvind, sal u vir sekere Kredietkaartverwante inligting gevra word voordat u hierdie kanale kan gebruik om die transaksie te doen.

4.15 U kan transaksies uitvoer by handelaars wat Kredietkaarte met die Visa- of Visa Electron-handelsmerk aanvaar (soos van toepassing, afhangende van u tipe Kredietkaart), en ons sal u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit agterna debiteer. U is daarvoor aanspreeklik om ons terug te betaal vir alle gelde wat teen u Kredietfasiliteit gedebiteer word.

4.16 U mag die Kredietkaart na goeddunke van die handelaars vir brandstof- en brandstofverwante aankope gebruik.

4.17 Die Visa Electron-kredietkaart is slegs vir elektroniese gebruik, wat beteken dat dit by 'n elektroniese verkoopspunttoestel of by 'n OTM gebruik kan word.

4.18 Indien 'n Kredietkaart met 'n kontaklose mikroskyfie en PIN aan u uitgereik is, sal die kontaklose funksionaliteit slegs beskikbaar wees by geselekteerde handelaars op transaksies met 'n waarde van hoogstens R200.

4.19 Indien die kontaklose funksionaliteit beskikbaar is, stel dit kliënte in staat om transaksies uit te voer deur hulle Kredietkaart binne die koordlose reikwydte van die verkoopspunttoestel te hou sonder om dit te vee of om die verkoopspunttoestel se sleutelbord te gebruik om die Kredietkaart se PIN in te voer.

4.20 Indien u meer as een kontaklose kaart het, moet u asseblief verseker dat hulle afsonderlik bewaar word om botsende transaksies te voorkom wat plaasvind wanneer beide kaarte gedebiteer word.

5. Petrokaart

5.1 U kan die Petrokaart by uitgesoekte handelaars gebruik om brandstof en brandstofverwante produkte (waaronder petrol, diesel, olie, bymiddels en smeermiddels) asook motorvoertuig-onderdele en toebehore te koop.

5.2 U kan ook die Petrokaart gebruik om vir motorvoertuigherstelwerk, onderhoud aan motorvoertuie en tolgeld te betaal.

5.3 U mag die Petrokaart slegs in die Gemeenskaplike Monetêre Gebied gebruik.

5.4 U kan die Petrokaart aan u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit koppel, of u kan 'n afsonderlike Alleenstaande Petrokaartrekening en/of Alleenstaande Petrokaartfasiliteit in u naam hê.

6. Algemene inligting

6.1 Ons is nie daarvoor aanspreeklik indien 'n handelaar weier om die transaksie Kredietkaart te aanvaar of 'n te honoreer nie.

6.2 Dit is ons besluit om 'n transaksie te magtig. Ons is nie aanspreeklik indien ons nie 'n transaksie magtig nie.

7. Ongemagtigde gebruik van die Kredietkaart, Kredietkaartrekening en Kredietfasiliteit

7.1 U moet alle redelike stappe doen om enige ongemagtigde gebruik van die Kredietkaart en/of Kredietfasiliteit en/of PIN-besonderhede en/of Kredietkaartrekening te voorkom.

7.2 U moet FNB Kredietkaart onmiddellik daarvan verwittig, deur 0800 110 132 / 087 575 9406 te skakel, indien u Kredietkaart gesteel word of verlore raak of indien 'n OTM u Kredietkaart terughou, of indien u Kredietkaartbesonderhede of u PIN aan wederregtelike gebruik blootgestel is.

7.3 Mits u nie nalatig was met die beveiliging van die Kredietkaart of die rapportering daarvan dat die Kredietkaart verlore geraak het of gesteel is nie, sal u nie aanspreeklik wees vir ongemagtigde en wederregtelike transaksies wat as gevolg van die verlies of diefstal op die Kredietkaart plaasvind nie, buiten vir PIN-gebaseerde transaksies.

7.4 Verlorekaartbeskerming ("VKB") word teen geen bykomende koste aan u voorsien. VKB sal u teen ongemagtigde en wederregtelike gebruik van die Kredietkaart beskerm. Dit sluit PIN-gebaseerde transaksies uit, indien die Kredietkaart verlore raak of gesteel word.

7.5 Indien u nalatig is met die rapportering van die verlies of diefstal van die Kredietkaart of met die beveiliging van die Kredietkaart of Kredietkaartbesonderhede, sal u nie deur VKB gedek word nie en sal u vir alle ongemagtigde en wederregtelike gebruik van die Kredietkaart verantwoordelik wees.

7.6 Enige oponthoud in die rapportering van die verlies of diefstal van die Kredietkaart sal as nalatigheid beskou word en u sal aan ons moet bewys dat u nie nalatig was nie.

7.7 Enige ongemagtigde transaksies aangegaan deur gebruik van die Kredietkaart en PIN, alleenlik met die PIN-funksie of nie-vee kredietkaarttransaksies, sal nie deur ons gedek word nie en sal alleenlik u verantwoordelikheid wees.

7.8 U vrywaar FRB en aanvaar volle aanspreeklikheid vir alle spesifieke en verwante verliese as gevolg van enige bedrogsaktiwiteit in geval u 'n versoek van FRB weier of van die hand wys om `n kaart te laat kanselleer en heruitreik om watter rede ook al, geheel en al na FRB se goeddunke.

8. Stelselonklaarheid

8.1 Ons is nie aanspreeklik vir enige regstreekse of onregstreekse verlies wat u ly as gevolg van enige onklaarheid, weiering of oponthoud in enige OTM, elektroniese verkoopspunttoestel, toegangskanaal of gedeelde netwerke nie.

9. Magtiging om u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit te debiteer

9.1 Elke keer wanneer u die Kredietkaart of die Kredietkaartbesonderhede gebruik om toegang tot u Kredietkaartrekening en/of u Kredietfasiliteit te kry om 'n transaksie uit te voer, debiteer ons u rekening met die bedrag van die aankoop of kontantonttrekking en/of oorplasing(s).

9.2 U moet ons terugbetaal vir alle betalings wat ons aan 'n handelaar gemaak het of gaan maak vir enige debiettransaksie wat na u Kredietfasiliteit toe verwerk is.

9.3 Alle betalings wat ons vir enige transaksie aan 'n handelaar gemaak het, is finaal en onomkeerbaar, tensy 'n omkering toegelaat word deur die Visa-reëls en -regulasies soos van tyd tot tyd deur Visa gepubliseer.

9.4 'n Dispuut tussen u en enige handelaar sal nie ons reg aantas om u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit te debiteer en betaling te ontvang nie (indien van toepassing).

9.5 Alle debiete word in Johannesburg verwerk.

10. Bykomende Kredietkaarte

10.1 Bykomende Kredietkaarte wat aan u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit gekoppel is, kan uitgereik word aan mense wat deur u gekies is om 'n Kredietkaart te ontvang. Kredietkaarte word in hul name uitgereik. Hierdie mense staan as bykomende kredietkaarthouers bekend.

10.2 Die uitreiking van bykomende Kredietkaarte verander nie die kredietperk op u Kredietfasiliteit nie.

10.3 Dit is u verantwoordelikheid om toe te sien dat enige bykomende kredietkaarthouers aan die bepalings van hierdie ooreenkoms voldoen.

10.4 U moet toesien dat u en enige bykomende kredietkaarthouers nie u kredietperk op die Kredietfasiliteit oorskry nie.

10.5 Transaksies gedoen deur bykomende kredietkaarthouers wat die bykomende Kredietkaart gebruik, en rente, fooie en koste met betrekking tot die bykomende Kredietkaart sal teen u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit gedebiteer word.

10.6 U is aanspreeklik vir alle bedrae wat aan ons verskuldig is voortspruitend uit die gebruik van die bykomende Kredietkaart. Dit beteken dat ons die volle bedrag wat op die Kredietfasiliteit aan ons verskuldig is, van u sal verhaal.

10.7 U kan slegs die bykomende kredietkaarthouer se reg op die gebruik van die Kredietkaart beëindig indien u ons skriftelik verwittig dat u dit wil doen en u moet toesien dat die bykomende Kredietkaart vernietig word. Wanneer u die bykomende Kredietkaart vernietig, moet u deur die magnetiese strokie en Kredietkaartnommer knip sodat die Kredietkaart nie weer gebruik kan word nie. Indien u versuim om die Kredietkaart te vernietig, sal u aanspreeklik wees vir enige transaksies op u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit na die kennisgewing van die beëindiging van hierdie bykomende Kredietkaart.

11. State, Betalings en Deposito's

11.1 Rekeningstate

11.1.1 Ons sal 'n maandelikse gekombineerde Kredietkaart- en/of Kredietfasiliteitrekeningstaat (maandelikse rekeningstaat) aan u stuur.

11.1.2 U maandelikse rekeningstaat sal u transaksies vir die maand toon en u in kennis stel van enige deposito's wat u gemaak het, alle bedrae wat sedert u vorige maandelikse rekeningstaat teen u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit gehef is, die totale bedrag (indien enige) wat betaalbaar is, wat die volle uitstaande bedrag is wat u aan ons verskuldig is, die minimum maandelikse bedrag wat aan ons verskuldig en betaalbaar is (indien enige), en die datum waarteen u hierdie bedrag moet betaal.

11.1.3 Die volle uitstaande bedrag op die Kredietfasiliteit is maandeliks verskuldig en betaalbaar, maar u kan betaling uitstel deur die minimum maandelikse bedrag te betaal wat op die maandelikse rekeningstaat aangedui word.

11.1.4 Indien u 'n dispuut ten opsigte van die maandelikse rekeningstaat het, moet u ons binne dertig (30) dae vanaf die maandelikse rekeningstaat se datum skriftelik daarvan verwittig. Tensy u ons skriftelik daarvan verwittig dat daar 'n fout op die maandelikse rekeningstaat is, sal die staat wat aan u gestuur is, finaal en bindend wees.

11.1.5 Indien u nie u maandelikse rekeningstaat ontvang nie, moet u dit onder die aandag van FNB se Kredietkaartafdeling bring, in geval van versuim sal ons aanvaar dat dit ontvang is.

11.1.6 Op die Kredietfasiliteit sal rente volgens normale verloop op die transaksiebedrag oploop, tensy daar vasgestel word dat dit korrek betwis is.

11.1.7 Wanneer hierdie ooreenkoms tot 'n einde loop, sal u nie meer u maandelikse rekeningstaat ontvang nie.

11.1.8 'n Sertifikaat wat onderteken is deur enige gemagtigde werknemer van die Bank (wie se aanstelling of magtiging nie bewys hoef te word nie) sal prima facie-bewys uitmaak van die uitstaande saldo wat deur u aan die Bank verskuldig en/of betaalbaar is en/of die rentekoers wat deur u betaalbaar is en/of enige ander bedrag wat deur u aan die Bank verskuldig en/of betaalbaar is ingevolge hiervan en/of enige ander aangeleentheid voortspruitend uit of verbandhoudend met u Kredietfasiliteit.

11.2 Betalings en deposito's

11.2.1 U kan die volle uitstaande bedrag op die Kredietfasiliteit op of voor die betaaldatum op die maandelikse rekeningstaat betaal. Alternatiewelik kan u die volle uitstaande bedrag oor 'n verlengde tydperk betaal, maar u moet minstens die minimum maandelikse bedrag teen die betaaldatum op die maandelikse rekeningstaat betaal.

11.2.2 U moet ons uitdruklik laat weet indien u beoog dat betalings wat op u gewone fasiliteit gemaak word, na die begrotingsfasiliteit geallokeer moet word.

11.2.3 U betaling of deposito bereik ons dalk nie op dieselfde dag waarop u dit gemaak het nie as gevolg van moontlike oponthoude en die tyd wat dit neem om dit te prosesseer. Ons beskou dat u betaling deurgegaan het nadat ons die betaling by FNB Kredietkaartafdeling in Johannesburg ontvang het en die fondse as 'n krediet op u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit deur ons stelsels weerspieël word. Maak asseblief hiervoor voorsiening wanneer u u betaling maak.

11.2.4 Indien 'n betaling per pos aan ons gestuur word, sal ons eers u Kredietkaartrekening krediteer wanneer ons die fondse by FNB se Kredietkaartafdeling in Johannesburg ontvang het. Die risiko dat die posbetaling onderskep word, verlore raak of gesteel word terwyl dit na ons onderweg is, bly u risiko totdat die betaling by FNB se Kredietkaartafdeling in Johannesburg ontvang is.

11.2.5 Indien 'n tjek in u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit gedeponeer word, sal die opbrengs van die tjek eers as kontant beskikbaar wees wanneer die trekker se bank die tjek gehonoreer het, ongeag die tjekklaringstydperk. Indien die tjekopbrengs op u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit beskikbaar gestel word voordat die tjek gehonoreer word, is ons daarop geregtig om u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit met die bedrag van die tjekopbrengs en enige verwante rente te debiteer indien die tjek vervolgens om enige rede deur die trekker se bank gedishonoreer word.

11.2.6 U kan u Kredietfasiliteit te eniger tyd kanselleer of vereffen deur die bedrag te betaal wat u daarkragtens skuld, met of sonder vooraf kennisgewing aan ons. U is verplig om betaling te verseker van (a) die onbetaalde saldo van u Kredietfasiliteit; (b) die onbetaalde renteheffings; en (c) alle ander fooie en koste wat moontlik verskuldig is.

11.2.7 Alle betalings wat ons op die Kredietfasiliteit ontvang, sal toepaslik gekrediteer word, eers rente, dan koste wat ons aangegaan het om enige bedrag in te vorder wat u aan ons verskuldig is, dan koste en fooie, en laastens die betaalbare en verskuldige transaksiebedrae.

11.2.8 Indien u Kredietfasiliteit vir dertig (30) dae of langer agterstallig is, word u nie toegelaat om transaksies op u Kredietfasiliteit aan te gaan nie. U kan steeds op die Kredietkaartrekening transaksies aangaan.

11.2.9 U moet altyd u rekeningnommer as verwysing gebruik wanneer u `n betaling op u Kredietkaartrekening of Kredietfasiliteit maak. U betaling sal as ontvang beskou word ooreenkomstig Klousule 11.2.3 hierbo.

12. Heffings en fooie

12.1 'n Kredietkaartrekeningfooi word vir die administrasie en instandhouding van u Kredietkaartrekening gehef.

12.2 'n Kredietfasilteitfooi word vir die administrasie en instandhouding van u Kredietfasiliteit gehef.

12.3 Indien 'n Kredietfasiliteit benewens u Kredietkaartrekening aan u verleen word, word 'n afsonderlike Kredietfasiliteitfooi bo en behalwe die Kredietkaartrekeningfooi vir die Kredietkaartrekening gehef.

12.4 Benewens die kredietverwante heffings op u Kredietkaartrekening, sal u Kredietkaartrekening vir nie-kredietverwante koste gedebiteer word.

12.5 U kan 'n afskrif van ons prysgids kry by enige FNB-tak, of deur ons Kredietkaartafdeling te kontak, of op ons webwerf, www.fnb.co.za.

12.6 Heffings en fooie word jaarliks of te eniger tyd na ons goeddunke hersien, in welke geval u 30 (dertig) werksdae kennis gegee sal word voordat die verandering in werking tree.

12.7 Nadat dit teen u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit gedebiteer is, is heffings en fooie nie terugbetaalbaar nie en sal dit nie omgekeer word nie.

12.8 Terugskrywings sal slegs toegelaat word indien dit ooreenkomstig Visa se Reëls en Regulasies, soos van tyd tot tyd gepubliseer, gedoen word.

12.9 Indien u 'n Premier/Private Wealth/Private Clients- Tjek- en Kredietkaart het, sal u maandelikse Kredietkaartrekeningfooi en Kredietfasiliteitfooi direk op u Premier/Private Wealth/Private Clients- Tjekrekening gehef word. Indien u egter slegs `n Premier/Private Wealth/Private Clients- Kredietkaart het, sal slegs u Kredietkaartrekeningfooi en Kredietfasiliteitfooi op u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit gehef word.

12.10 U is nie geregtig om betaling uit te stel of om te weier om betalings te maak op enige bedrae wat ten opsigte van u Kredietkaartrekening en/of of Kredietfasiliteit deur u betaalbaar is nie, op grond daarvan dat u 'n eis of 'n navraag het aangaande enige van die dienste waarvoor daar in hierdie ooreenkoms voorsiening gemaak word.

12.11 Indien u Kredietfasiliteit agterstallig raak, is u aanspreeklik vir alle regskoste- en uitgawes, op die prokureur- en eie kliënt skaal, insluitende invorderingskommissie en opsporingsfooie.

12.12 Indien u Kredietkaartrekening oortrokke word, is u aanspreeklik vir alle regskoste- en uitgawes, op die prokureur- en eie kliënt skaal, insluitende invorderingskommissie en opsporingsfooie.

12.13 Ons mag ingevolge die gemenereg van verrekening gebruik maak. Dit beteken sodra daar twee skulde bestaan waar een teen die ander afgespeel kan word, sal die een skuld die ander deur regswerking uitskakel.

13. Wysigings aan hierdie bepalings en voorwaardes

13.1 Ons kan hierdie bepalings en voorwaardes te eniger tyd na ons goeddunke wysig.

13.2 U sal in die vorm van staatboodskappe op u maandelikse rekeningstaat van die wysigings verwittig word.

13.3 Indien u ontevrede is met die wysigings, het u die reg om hierdie ooreenkoms voor die inwerkingtredingsdatum van die wysigings te beëindig, in welke geval die bepalings van Klousule 14 hieronder sal geld. Tensy u hierdie ooreenkoms voor die inwerkingtredingsdatum van die wysigings beëindig, sal u daardeur gebind word.

13.4 Die gebruik van u Kredietkaartrekening en/of u Kredietfasiliteit na die inwerkingtredingsdatum van die wysiging sal as u aanvaarding van die gewysigde bepalings en voorwaardes beskou word.

14. Beëindiging van hierdie ooreenkoms

14.1 U kan hierdie ooreenkoms te eniger tyd beëindig deur ons skriftelik in kennis te stel.

14.2 U kan die Kredietfasiliteitsooreenkoms beëindig sonder om die Kredietkaartrekeningooreenkoms te beëindig. U kan egter nie die Kredietkaartrekeningooreenkoms beëindig sonder om die Kredietfasiliteitsooreenkoms te beëindig nie.

14.3 Benewens ander geldige redes om u ooreenkoms te beëindig, sal ons, waar daar bedrog op u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit is of ons vermoed dat daar bedrog is of indien ons wetlik verplig is om dit te doen, beide u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit sonder kennisgewing opskort.

14.4 Ons sal u Kredietfasiliteit sonder kennisgewing opskort indien u enige betaalbare bedrag nie betyds betaal nie of glad nie betaal nie, indien u enige bepaling van hierdie ooreenkoms verbreek, of indien u boedel voorlopig of finaal gesekwestreer of onder administrasie en skuldberading geplaas word.

14.5 Ons kan hierdie ooreenkoms en/of u reg om die Kredietkaartrekening en/of u Kredietfasiliteit te gebruik, na goeddunke beëindig en ons sal u van die rede in kennis stel. Ons behou die reg voor om die Kredietfasiliteitooreenkoms te beëindig indien u enige bedrag wat verskuldig is nie betyds betaal nie of glad nie betaal nie, indien u enige bepaling van hierdie ooreenkoms verbreek, of indien u boedel voorlopig of finaal gesekwestreer of onder administrasie en skuldberading geplaas word.

14.6 Wanneer u Kredietfasiliteit en/of u reg om die Kredietfasiliteit te gebruik, tot 'n einde loop, word die volle bedrag wat u aan ons skuld onmiddellik betaalbaar. U moet dan die volle bedrag wat op u Kredietfasiliteit verskuldig is, aan ons betaal.

14.7 Indien u u Kredietkaartrekening wil beëindig, moet u die Kredietkaart vernietig. Wanneer u die Kredietkaart vernietig, moet u deur die magnetiese strokie en kredietkaartnommer knip sodat die kredietkaart nie weer gebruik kan word nie.

14.8 Indien u 'n kredietsaldo in u Kredietkaartrekening het, sal ons die kredietsaldo betaal in 'n rekening wat deur u genomineer word.

14.9 Indien u versuim om die Kredietkaart kragtens Klousule 14.7 hierbo te vernietig, sal u vir enige transaksies op u Kredietkaartrekening na kennisgewing van beëindiging van hierdie ooreenkoms aanspreeklik wees.

14.10 Selfs al eindig hierdie ooreenkoms is ons daarop geregtig om van ons regte gebruik te maak wat kragtens hierdie ooreenkoms verkry is voordat dit geëindig het.

15. Waar en hoe ons mekaar kan kontak

15.1 U stem in dat die Kredietverskaffer aan u enige kommunikasie mag stuur, wat insluit enige dokument, vorm of kennisgewing, per hand, gewone pos, voorafbetaalde geregistreerde pos, faks, e-pos, SMS, MMS, FNB Aanlynkennisgewing, FNB App-kennisgewing, uitdrukbare webbladsy en/of enige ander elektroniese kommunikasiemiddel.

15.2 Enige verstekkennisgewing kragtens artikel 129(1)(a) of kennisgewing van beëindiging van skuldhersiening kragtens artikel 86(10) sal per voorafbetaalde geregistreerde pos en/of per hand aan u afgelewer word.

15.3 Dokumente, vorms, kennisgewings of prosesstukke wat die Kredietverskaffer regtens op u moet beteken, sal beteken word by u fisiese adres/werkadres/adres van verbandbeswaarde eiendom soos gekies en aangeteken in die Kwotasie. (Dit is u domicilium citandi et executandi adres, die adres wat u gekies het om regsdokumente te ontvang.)

15.4 Enige geregtelike kennisgewing, vorm, dokument of prosesstuk wat u aan die Kredietverskaffer wil stuur, moet by die volgende adres afgelewer word: 3rde Vloer, First Place Nr. 1, BankCity, hoek van Simmonds- en Pritchardstraat, Johannesburg, 2001.

15.5 U of die Kredietverskaffer kan die bostaande adresse verander deur aan mekaar skriftelike kennisgewing (per hand, voorafbetaalde geregistreerde pos of e-pos aan die volgende e-posadres fnbcard@fnb.co.za) van die nuwe adres te stuur. Kennisgewing moet minstens 10 (tien) werksdae voor die intreedatum van die verandering gegee word.

15.6 Daar sal aanvaar word dat 'n dokument, vorm, kennisgewing of prosesstuk ontvang is deur die party aan wie dit gestuur is:

- indien per hand afgelewer tydens normale ure — op die datum waarop dit afgelewer is
- indien per voorafbetaalde geregistreerde pos gestuur — om 10h00 op die vierde dag nadat die poskantoor die registrasiekwitansie uitgereik het
- indien per gewone pos gestuur — om 10h00 op die vierde dag nadat die dokument gepos is
- indien per faks gestuur — op die datum getoon op die ontvangstrokie wat deur die faksmasjien gegenereer word
- indien per e-pos of uitdrukbare webbladsy gestuur — op die datum waarop die kennisgewing per e-pos gestuur is.

16. Bemarkingstoestemming

Ons sal slegs bemarkingsmateriaal aan u stuur in omstandighede waar u tot die ontvangs van die materiaal ingestem het en/of daartoe ingestem het dat u persoonlike besonderhede en adres deur of namens FNB gebruik word om dienste en produkte aan u te bied en inligting daaroor aan u te stuur vanaf besigheidseenhede en afdelings in FirstRand Bank (bv. FNB, WesBank, RMB) of eksterne maatskappye tot FirstRand Bank.

17. Versoek om inligting

U kan inligting ten opsigte van u Kredietkaart- en bykomende Kredietkaartrekening (Kredietkaartrekening of Kredietfasiliteit) van ons versoek, hetsy skriftelik of deur FNB se Kredietkaartafdeling te skakel by die telefoonnommer wat op u maandelikse rekeningstaat aangedui word.

18. Ander belangrike bepalings

18.1 Die opskrifte in hierdie ooreenkoms beïnvloed nie die vertolking daarvan nie.

18.2 Ons is wetlik verplig om u persoonlike besonderhede gereeld by te werk. Ons kan u van tyd tot tyd in hierdie verband kontak en u is verplig om ons van die aangevraagde inligting te voorsien.

18.3 U inligting sal vertroulik gehou word binne FirstRand Group en sal nie deur ons aan enige derde party bekend gemaak word nie tensy ons wetlik verplig word om dit te doen of vir die doeleindes van regsaksie in geval u in verstek raak.

18.4 Indien misbruik op u Kredietkaartrekening en/of Kredietfasiliteit bespeur word, behou ons die reg om op u Kredietkaart beslag te lê, vir welke koste u aanspreeklik sal wees.

19. Indiening van 'n Kredietkaartrekening- of Kredietfasiliteitverwante klagte

19.1 Indien u 'n klagte wil indien, moet u die klagte skriftelik indien per:

- faks aan 011 632 2317
- e-pos aan care@fnb.co.za
- internet by www.fnb.co.za Klik op 'Contacts & Tools', en dan 'Compliments and Complaints'.

19.2 U skriftelike kompliment sal by ontvangs skriftelik erken word.

19.3 U skriftelike klagte sal by ontvangs daarvan erken word en `n verwysingsnommer sal aan u uitgereik word.

19.4 Indien u nie binne vyf (5) werksdae nadat u die klagte gestuur het, 'n antwoord kry nie, kan u FNB se Klagteafdeling by 087 575 9408 skakel om seker te maak dat u klagte ontvang is.

19.5 FNB Kredietkaartklagtes sal enige klagtes ondersoek wat ontvang word. Die klagteoplossingsproses is by u tak, ons inbelsentrum of ons webwerf beskikbaar.

19.6 Indien die klagte opgelos word en u tevrede is met die uitslag, is die prosedure afgehandel en sal die verwysingsnommer gesluit word.

19.7 Indien u klagte nie binne ses (6) weke of nie na u wense opgelos word nie, sal FNB Kredietkaart u skriftelik van 'n verduideliking en die rede vir die besluit voorsien. FAIS bepaal dat u daarna u klagte binne ses maande skriftelik by die FAIS Ombud of die Ombud vir Bankdienste kan indien, met die stawende dokumentasie en die verwysingsnommer wat verskaf is.

20. 'FATCA'- en 'POPO'-vereistes

20.1 Vir die doeleindes van hierdie klousule verwys "ons", en "FSR: na FirstRand Bank Beperk, die FirstRand Groep beperk, enige filiale, deelgenote, sessionarisse, afgevaardigdes of opvolgers in titel en/of derde partye (soos sy gemagtige agente en kontrakteurs).

20.2 Hoe ons u inligting gebruik:

- U kan verwys na ons Privaatheidsbeleid wat aanlyn beskik is by ww.fnb.co.za. vir meer inligting oor ons privaatheidspraktyke.
- FSR samel inligting regstreeks van u in; deur u gebruik van ons produkte en dienste; uit u verbintenis en interaksies met ons; uit openbare bronne en van derde partye.
- U inligting word as vertroulik hanteer en sal slegs verwerk word indien u daartoe ingestem het; dit word benodig om 'n kontrak met u te sluit of ingevolge daarvan te presteer; dit word wetlik vereis of om die wetlike belang van u, ons of 'n derde party te beskerm of af te dwing.
- FSR kan u inligting verwerk. Inligting sluit onder meer inligting oor huwelikstatus, nasionale oorsprong, ouderdom, taal, geboorte, onderrig, finansies, identifiserende nommer, e-posadres, fisiese adres, telefoonnommer, aanlynidentifiseerder, sosiale media-profiel, biometriese inligting (soos vingerafdrukke, handtekening of u stem) en u naam in.
- Die verwerking van inligting sluit die insameling, stoor, bywerking, gebruik, beskikbaarstelling of vernietiging daarvan in.

FSR kan u inligting om (onder meer) die volgende redes:

- Om te voldoen aan wetgewende, regulatoriese, risiko- en nakomingsvereistes (insluitend amptelike instruksies, sanksies en reëls), vrywillige en onvrywillige gedragskodes en bedryfsooreenkomste of om te voldoen aan verslagdoeningsvereistes en inligtingsversoeke.
- Om diefstal, bedrog, geldwassery en ander misdade te bespeur en aan te meld.
- Om enige ooreenkoms waar u in verstek is of die bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms verbreek, af te dwing en daarop te kollekteer , deur byvoorbeeld u op te spoor om om regsaksie teen u in te stel.
- Om mark- en gedragsnavorsing te onderneem, insluitend keuring en ontleding om te bepaal of u kwalifiseer vir produkte en dienste.
- Om produkte vir en dienste aan u te ontwikkel, te toets en te verbeter.
- Vir historiese, statistiese en navorsingsdoeleindes.
- Om betalingsinstrumente (soos 'n tjek) en betalingsinstruksies (soos 'n debietorder) te prosesseer.
- Om betalingsinstrumente (soos 'n tjek) en betaalmiddele (soos 'n debietkaart) te skep, te vervaardig en te druk.
- Om bekostigbaarheidassesserings, kredietassesserings en kredietgradering te doen.
- Om rekeninge of verhouding met FSR te bestuur en in stand te hou.
- Om inligting bekend te maak aan en te bekom van kredietburo's oor u kredietgeskiedenis.
- Om u in staat te stel om deel te neem aan die skuldhersieningsproses kragtens die Nasionale Kredietwet, waar van toepassing.
- Om FSR in staat te stel om goedere of dokumente of kennisgewings aan u af te lewer.
- Vir sekuriteit, identiteitsbevestiging en om die akkuraatheid van u inligting te kontroleer.
- Om met u te kommunikeer en u opdragte en versoeke uit te voer.
- Vir kliëntetevredenheidopnames, bemarking- en ander kompetisies.

FSR kan u inligting met (onder meer) die volgende persone deel wat 'n verpligting het om u inligting veilig en vertroulik te hou:

- Prokureurs, opsporingsagente, skuldinvorderaars en ander persone wat bystand lewer in die afdwinging van ooreenkomste.
- Skuldberaders, betalingsverspreiders en ander persone wat bystand lewer in die skuldhersieningsprosess kragtens die Nasionale Kredietwet.
- Betaalopdragverwerking-diensverskaffers, handelaars, banke en ander persone wat bystand verleen in die prosessering van u betalingsinstruksies.
- Versekeraars, makelaars en ander finansiële instellings wat bystand verleen in die verskaffing van versekering en assuransie.
- Wetstoepassing- en bedrogvoorkomingsagentskappe en ander persone wat vir die voorkoming en vervolging van misdaad verantwoordelik is.
- Regulatoriese owerhede, regeringsdepartemente, plaaslike en internasionale belastingowerhede en ander persone waarmee FSR regtens u inligting moet deel.
- Kredietburo's.
- FSR se diensverskaffers, agente en subkontrakteurs soos koeriers en ander persone wat FSR gebruik om produkte en dienste aan u te bied en te lewer.
- Persone waaraan FSR hulle regte sedeer of hulle verpligtinge delegeer kragtens ooreenkomste.

20.3 FSR kan u inligting buite die grense van Suid-Afrika verwerk kragtens die beskerming en vereistes van die reg.

20.4 FSR kan u inligting deur middel van geoutomatiseerde middele (sonder menslike intervensie in die besluitnemingsproses) verwerk om 'n besluit oor u of u aansoek om enige produk of diens te neem. U kan die besluit wat oor u geneem is bevraagteken.

20.5 U het die reg tot toegang tot die inligting wat FSR oor u het deur ons te kontak by FNBComplianceSupport@fnb.co.za of 011 371 8494.

20.6 U het die reg om ons te versoek om die inligting wat FSR oor u het, reg te stel of te skrap indien dit onakkuraat, irrelevant, oormatig, verouderd, onvolledig, misleidend, onwettig bekom of nie meer gemagtig om gehou te word, is nie.

20.7 U kan op redelike gronde beswaar aanteken teen die verwerking van u inligting. U mag nie beswaar aanteken teen die verwerking van u inligting indien u daartoe ingestem het of as wetgewing die verwerking vereis nie. U moet ons van u beswaar inlig by care@fnb.co.za.

20.8 U het die reg om u instemming wat ons toelaat om u inligting te verwerk te onttrek; ons sal egter voortgaan om u inligting te verwerk as dit regtens toelaatbaar is.

20.9 U het die reg om 'n klagte by FSR in te dien of by die Inligtingreguleerder, sodra ingestel, oor 'n vermeende oortreding in die beskerming van u inligting.

Afdeling B:
Bepalings en Voorwaardes van toepassing op die Krediet-kaartrekening

21. Kredietrente op u rekening

21.1 U sal rente verdien op enige kredietsaldo op u Kredietkaartrekening.

21.2 Kredietrente word daagliks bereken, vir die volle tydperk van die staat en word maandeliks teen u Kredietkaartrekening gekrediteer.

21.3 Kredietrentekoerse kan wissel van vlak tot vlak, in welke geval die vlakkoerse op u maandelikse rekeningstaat aangedui sal word.

Afdeling C:
Bepalings en Voorwaardes van toepassing op die Kredietfasiliteit

22. Algemene verpligtings wanneer u die Kredietfasiliteit gebruik (Slegs van toepassing op kliënte aan wie 'n Kredietfasiliteit verleen is)

22.1 U Kredietfasiliteit word vanuit Johannesburg bedryf en alle transaksies word in Johannesburg verwerk.

22.2 Deur van die Kredietfasiliteit gebruik te maak, stem u in dat die Bank toegang verkry tot enige inligting wat by enige kredietburo opgeteken is. Enige inligting met betrekking tot die nie-nakoming van u Kredietfasiliteit se bepalings en voorwaardes en die aansoek om, en oopmaak en beëindiging van u Kredietfasiliteit sal geopenbaar word aan en gebruik word deur ander afdelings van die Bank en kredietburo's. Alle kredietburo's verskaf 'n kredietprofiel van persone sowel as 'n moontlike kredietbeoordeling van persone se kredietwaardigheid.

23. U kredietperk

23.1 Ons kan weier om transaksies te magtig indien u u kredietperk op u Kredietfasiliteit oorskry het.

23.2 Indien ons 'n transaksie aanvaar wat daartoe lei dat u u kredietperk oorskry, beteken dit nie dat ons u kredietperk op enige permanente basis verleng of verhoog het nie en u is verplig om u Kredietfasiliteit onmiddellik te herstel tot die kredietperk waarop ons ooreengekom het.

23.3 Ons bepaal die kredietperk op die Kredietfasiliteit en u moet toesien dat u en enige bykomende kaarthouers nie hierdie perk oorskry nie.

23.4 U is daarvoor verantwoordelik om die kredietperk op u rekening te bestuur.

23.5 U kan daarvoor aansoek doen dat u kredietperk verhoog word, of u kan ons kontak om u kredietperk te verlaag. Ons kan u van tyd tot tyd rakende 'n jaarlikse verhoging kontak indien u nie tot 'n outomatiese jaarlikse verhoging ingestem het nie.

23.6 U kan daarvoor aansoek doen om die perk tussen u gewone en begrotingsfasiliteit te verskuif, maar u sal nie toegelaat word om meer as 80% van u totale kredietperk na u begrotingsfasiliteit te skuif nie.

23.7 Alle perkverhogings is aan 'n bekostigbaarheidsbeoordeling onderhewig.

23.8 Ons kan, na goeddunke en te eniger tyd, die kredietperk op u Kredietfasiliteit verlaag. Ons sal u in kennis stel minstens 5 (vyf) werksdae voor ons u kredietperk ingevolge hierdie ooreenkoms

verlaag. Onder sekere omstandighede sal ons egter terselfdertyd u kredietperk verlaag en kennisgewing van die verlaging gee.

23.9 Indien u u kredietperk oorskry, verbreek u hierdie ooreenkoms.

23.10 As 'n Private Clients-kaarthouer is u daarvoor verantwoordelik om die kredietperk op u Kredietfasiliteit aan bykomende kredietkaarthouers toe te deel indien hierdie funksionaliteit op u Private Clients-kredietkaart van toepassing is.

23. Rente

24.1 Rentevrye tydperk (Hierdie beginsels is van toepassing waar die Kredietfasiliteit benut is.)

24.1.1 Indien u Kredietfasiliteit geen rentevrye tydperk het nie, word rente vanaf die datum van die transaksie op aankoop-, brandstof- en kontanttransaksies gehef.

24.1.2 Indien u op of voor die betaaldatum op u maandelikse rekeningstaat die totale verskuldigde bedrag betaal, wat die volle uitstaande bedrag is wat u aan ons verskuldig is, soos op u staat aangedui, word geen rente op u Kredietfasiliteit gehef nie, buiten vir daardie transaksies in klousule 24.2 waar rente vanaf die transaksiedatum gehef sou gewees het.

24.1.3 Indien u nie die volle uitstaande bedrag op of voor die betaaldatum op u maandelikse rekeningstaat betaal nie, word rente gehef vanaf die datum van elke transaksie of fooi op u Kredietfasiliteit, op beide die staatsaldo en enige nuwe transaksies wat op die Kredietfasiliteit gedoen is (met ander woorde, u verloor die rentevrye tydperk op hierdie nuwe transaksies).

24.1.4 Dit beteken dat, indien u nie die volle uitstaande bedrag teen die betaaldatum op u staat betaal nie, die rentevrye tydperk opgeskort sal word en rente steeds vanaf die datum van elke transaksie op u Kredietfasiliteit gehef sal word, totdat u die volle uitstaande bedrag vereffen het wat u ons skuld.

24.1.5 Nadat dit ten volle vereffen is, kan ons na goeddunke besluit om die res van die rentevrye tydperk te herstel, dit wil sê die tydperk vanaf die datum van volle vereffening tot die betaaldatum wat op u volgende maandelikse rekeningstaat weerspieël word.

24.1.6 Rente word op alle heffings en fooie bereken en gehef vanaf die datum waarop die debiet na u rekening gepos is. Indien u nie u fooie en kostes binne die rentevrye tydperk betaal nie, loop dit onmiddellik rente op.

24.2 Transaksies wat altyd onmiddellik rente oploop

24.2.1 Rente word onmiddellik vanaf die transaksiedatum vir die volgende transaksies gehef indien die Kredietfasiliteit gebruik word om hierdie transaksies te doen:

- Kontantonttrekkings;
- Aankope van reisigerstjeks met die kredietkaart en sekere valutatransaksies;
- Elektroniese fondsoorplasings wat 'n debietsaldo op u Kredietfasiliteit tot gevolg het;
- Alle begrotingsfasiliteitstransaksies en saldo-oorplasings;
- Brandstof- of brandstofverwante transaksies op die Petrokaart; en
- Enige transaksie waar die Kredietkaart nie by `'n verkoopspunttoestel gevee is nie en wat as `'n kontanttransaksie beskou word.

24.3 Berekening van debietrente

24.3.1 Debietrente word daagliks bereken en maandeliks gekapitaliseer en teen u Kredietfasiliteit gehef teen die koers soos in u kwotasie uiteengesit en sal nie die maksimum toelaatbare finansieringsrentekoers wat kragtens die Nasionale Kredietwet toegelaat word, oorskry nie.

25. Begrotingsfasiliteit

25.1 Ons kan na ons goeddunke 'n begrotingsfasiliteit op u versoek aan u beskikbaar stel.

25.2 Hierdie begrotingsfasiliteit maak u daarop geregtig om oor 'n verlengde tydperk, soos deur u gestipuleer ooreenkomstig ons riglyne, vir transaksies te betaal.

25.3 Skommelings in rentekoerse kan veroorsaak dat die terugbetalingstydperk verleng of verkort word.

25.4 U eerste begrotingspaaiement op `'n aankoop wat met gebruik van u begrotingsfasiliteit gemaak is, sal eers op die tweede rekeningdatum na die datum van u aankoop van u gewone fasiliteit afgetrek word. U kan te eniger tyd tydens die begrotingstydperk bykomende betalings op u begrotingsfasiliteit maak.

25.5 Indien u kies om van die begrotingsfasiliteit gebruik te maak, sal die totale uitstaande bedrag, die maandelikse terugbetaling, die huidige rentekoers en ander koste op u maandelikse rekeningstaat aangedui word.

25.6 Indien u versuim om enige enkele paaiement teen die betaaldatum te betaal, kan die volle bedrag onmiddellik verskuldig en betaalbaar raak.

25.7 U kan sonder benadeling bykomende betalings op u begrotingsrekening maak.

25.8 U maandelikse begrotingspaaiement word teen u gewone fasiliteit gedebiteer en nie teen u begrotingsfasiliteit nie.

25.9 U moet ons uitdruklik laat weet indien u beoog dat betalings wat op u gewone fasiliteit gemaak word, na die begrotingsfasiliteit geallokeer moet word.

26. Saldo-oorplasingsopsie

26.1 Ons kan 'n fasiliteit aan u bied om ander skuld wat u het na u begrotingsrekening toe oor te plaas.

26.2 Ons bepaal en lig u in oor die bedrag vir oorplasing ("die oorplasingsbedrag"), die minimumterugbetalingstydperk en die toepaslike rentekoers wat op die oorplasingsbedrag van toepassing sal wees, wanneer die oorplasingsfasiliteit aan u gebied word.

26.3 Ons kan na ons goeddunke 'n voorkeurrentekoers aan u bied vir 'n ooreengekome tydperk, welke koers slegs vir die ooreengekome tydperk op die oorplasingsbedrag van toepassing sal wees, mits u alle terugbetalings maak teen die betaaldatum wat op u staat aangedui word. Indien u die oorplasingsbedrag vereffen voor verstryking van die ooreengekome tydperk, geld die voorkeurrentekoers nie meer nie.

26.4 Die bedrag wat na u Kredietfasiliteit oorgeplaas word, sal op u maandelikse rekeningstaat verskyn.

26.5 Die oorplasingsbedrag sal in u gewone fasiliteit inbetaal word. Dit is u verantwoordelikheid om die oorplasingsbedrag te gebruik om enige ander skuld wat u het, te betaal.

26.6 U is daarvoor verantwoordelik om die rekening waarheen die bedrag oorgeplaas word, te sluit, indien u so wil maak. Die oorplasingsbedrag sal van u beskikbare krediet op u begrotingsrekening afgetrek word.

26.7 Ons waarborg nie die tydperk waarin die oorplasing gemaak sal word nie en ons is nie verantwoordelik vir enige finansieringskoste wat u voor die oorplasing vanaf u kredietkaart se begrotingsfasiliteit na u gewone fasiliteit op enige van u rekeninge oploop nie.

26.8 U maandelikse saldo-oorplasingspaaiement word teen u gewone fasiliteit gedebiteer.

26.9 Benewens hierdie klousule het ons ook spesifieke bepalings en voorwaardes wat saldo-oorplasingsveldtogte reël, waarvan u in kennis gestel sal word.

27. Rentekoers

27.1 U Persoonlike Rentekoers is afgelei van die maksimum jaarlikse rentekoers wat deur die Nasionale Kredietwet toegelaat word. U Persoonlike Rentekoers is egter 'n wisselrentekoers en is 'n gediskonteerde koers van die maksimum NKW-koers, wat kan wissel volgens die NKW-fomule wanneer daar 'n verandering in die Repokoers is.

27.2 Die Persoonlike Rentekoers kan verander op grond van die kriteria wat in u ooreenkoms met ons uiteengesit is. U sal ooreenkomstig klousule 13.2 van die veranderings in kennis gestel word.

28. Outobetaling

28.1 Kragtens die Outobetalingmagtiging het u die opsie om u Kredietfasiliteit soos op u maandelikse rekeningstaat aangedui tussen die staatdatum en u betaaldatum te betaal, volgens die onderstaande opsies:

- Minimum maandelikse betalingsbedrag wat verskuldig is (soos op u staat aangedui);
- Volle bedrag wat verskuldig is;
- Gespesifiseerde bedrag. Let asseblief daarop dat die gespesifiseerde bedrag nie minder as die minimum maandelikse betaling mag wees nie. Indien u gespesifiseerde bedrag minder is as die minimum maandelikse betaling wat op u staat weerspieël word, sal die minimum bedrag soos op u staat weerspieël word, afgetrek word;
- Persentasie van die Volle verskuldigde bedrag (tussen 5% en 100% van die gewone saldo);
- Vereffening van werklike saldo (wat u in staat stel om u volle maandelikse gewone saldo te vereffen op die Outobetalingdatum wat u gekies het, in die huidige rekeningsiklus, wat alle debiete en krediete na staatdatum tot die verkose Outobetalingdatum sal insluit);
- Volle staatsaldo (wat u in staat stel om u volle staatsaldo te vereffen, sonder dat dit beïnvloed word deur enige debiete en krediete wat tussen die staatdatum en u verkose Outobetalingsdatum verwerk is).

28.2 U Outobetalingmagtiging kan elektronies, telefonies of in 'n skrywe wat deur u onderteken is, bekom word.

28.3 Ons verkies dat die datum van Outobetaling u salarisdatum moet wees.

28.4 Kragtens die Outobetalingmagtiging sal ons maandeliks, op die betaaldatum of u gespesifiseerde datum, vanaf die rekening wat u verskaf het, die minimum/volle/gespesifiseerde bedrag aftrek ten opsigte van die bedrae wat op u Kredietfasiliteit verskuldig is.

28.5 Indien u Outobetaling onbetaald teruggestuur word, sal ons daarna verdere pogings aanwend om u rekening te debiteer om 'n geslaagde betaling te verseker, vir welke koste u verantwoordelik sal wees.

28.6 Indien u Outobetaling onbetaald teruggestuur word, kan die bank na goeddunke u staatdatum verander, en daardeur u betaaldatum (gespesifiseerde Outobetalingdatum) verander, om ooreen te stem met u salarisdatum of enige ander datum wat ons geskik ag vir invordering deur middel van die Outobetaling. U sal in ooreenstemming met Klousule 13.2 van hierdie veranderinge in kennis gestel word.

28.7 Indien u Outobetaling die daaropvolgende maand onbetaald teruggestuur word, sal u Outobetaling opgeskort word en sal ons met ons invorderingsproses voortgaan.

28.8 U bevestig dat die bankbesonderhede wat op u Outobetaling-magtiging verskyn, korrek is.

28.9 Outobetalings wat gemis word, sal nie daartoe lei dat die Outobetaling gekanselleer word nie.

28.10 U magtig ons om die bankbesonderhede soos deur u verstrek, te verifieer met die doel om die Outobetaling in werking te stel.

28.11 U bevestig dat die rekening wat vir hierdie doel verskaf is, voldoen aan die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum ("FICA").

28.12 Indien 'n vereiste betaling (direkte deposito of elektroniese oorplasing) ontvang word voordat die Outobetaling geskeduleer is om uitgevoer te word, sal die Outobetaling nie vir daardie maand verwerk word nie.

28.13 Indien die bankrekening waaruit u Outobetaling verwerk word te eniger tyd deur u gesluit word en u Outobetaling onbetaald teruggestuur word, is ons daarop geregtig om u Kredietfasiliteit op te skort en/of te kanselleer, tensy alternatiewe Outobetalingreëlings vir die betaling van u Kredietfasiliteit gemaak is.

28.14 Nadat u die bank gemagtig het om `'n Outobetaling te verwerk, mag u nie die Outobetaling kanselleer nie.

29. Gade se toestemming (slegs vir Kliënte wat in Gemeenskap van Goedere getroud is)

29.1 Indien u in Gemeenskap van Goedere getroud is, moet u gade daartoe instem dat u hierdie ooreenkoms sluit. U versuim om toestemming van u gade te verkry, sal tot gevolg hê dat u Kredietfasiliteit nietig verklaar word.

29.2 Indien u hierdie ooreenkoms elektronies, telefonies of skriftelik aangegaan het, sal die gadetoestemmingsverklaring wat verkry is, geldig, bindend en onbestrede wees.

29.3 Indien u hierdie ooreenkoms aangegaan het deur valslik te verklaar dat u gade daartoe ingestem het, kan u van bedrog aangekla word.

30. Spesiale reëlings

30.1 Indien u nie u finansiële verpligtinge ingevolge u Kredietfasiliteit kan nakom nie, kan die bank op u versoek, indien u aan die vereiste kriteria voldoen, 'n spesiale reëlingsopsie aan u bied, wat u maandelikse terugbetalings sal verlaag en die tydperk van terugbetaling sal verleng.

30.2 Indien u 'n spesiale ooreenkoms aangaan, sal dit 'n rentekoers dra van die maksimum wat deur die NKW toegelaat word.

31. Skuldberadingsbepalings

31.1 Indien u meen dat u nie u verpligtinge kragtens die kredietooreenkomste wat u aangegaan het, kan nakom nie, kan u ons nader vir bystand met die herstrukturering van u skuld by ons op 'n wyse wat u in staat sal stel om dit terug te betaal. Ons sal poog om u van hulp te wees waar moontlik.

31.2 U moet voortgaan om betalings te maak totdat die skuldhersiening gefinaliseer is.

31.3 Indien u om skuldberading aansoek doen, of 'n nuwe skuldreëling aangaan of 'n skuldreëlinghofbevel word aan u toegestaan, mag u geen verdere aanspreeklikheid op u Kredietfasiliteit aangaan nie. Dit beteken:

- U mag geen transaksies op u Kredietfasiliteit aangaan nie;
- U moet alle debietorders (insluitende versekeringsdebietorders) wat deur u Kredietfasiliteit verwerk word, onmiddellik kanselleer. Geen debietorders sal op u Kredietfasiliteit verwerk word nie en sal terug gedebiteer word;
- Indien transaksies op u Kredietfasiliteit aangegaan word, sal ons regsaksie teen u instel.

31.4 Indien u om skuldberading aansoek doen, of 'n nuwe skuldreëling aangaan of 'n skuldreëlinghofbevel word aan u toegestaan, word alle waardetoegevoegde voordele en belonings wat deur FNB Kredietkaart aan u verskaf word, opgeskort, insluitende Outomatiese Skuldbeskerming en geen eise daarteen sal gehonoreer word nie. Dieselfde geld indien u van enige premiebetalende versekeringsproduk soos Optop-Skuldbeskerming en Uitstaande Saldo-assuransie (USA) gebruik maak.

32. Alternatiewe dispuutbeslegting

U het die reg om:

- enige aangeleentheid of dispuut, insluitend bewerings van roekelose kredietverlening oor die Kredietverskaffer na 'n ombud met jurisdiksie te verwys;
- om 'n klagte oor enige beweerde oortreding van die NKW of beweerde roekelose kredietverlening by die Nasionale Kredietreguleerder in te dien;
- om 'n aansoek tot die Nasionale Verbruikerstribunaal te rig indien toegelaat deur die NKW.

Die kontakbesonderhede om klagtes in te dien is:

- Die Kredietverskaffer: 08600 100 761. E-pos: care@fnb.co.za. Webwerf: www.fnb.co.za
- Die Ombud vir Bankdienste: Telefoonnommer 0860 800 900. Webwerf: www.obssa.co.za
- Die Kredietombud: Telefoonnommer: 0861 662 837. Webwerf: www.creditombud.org.za
- Die Nasionale Kredietreguleerder: Telefoonnommer: 0860 627 627. Webwerf: www.ncr.org.za;
- Die Nasionale Verbruikerstribunaal: Telefoonnommer: 0860 627 627. Webwerf: www.ncr.org.za; en

Afdeling D: Beloningsprogramme

33. eBucks-belonings en eBucks Lifestyle

33.1 Besoek asseblief www.fnb.co.za of www.eBucks.com vir die Bepalings en Voorwaardes wat op eBucks-belonings van toepassing is. Bygewerkte Bepalings en Voorwaardes is vanaf 1 Julie 2015 beskikbaar.

33.2 Die Bepalings en Voorwaardes vir eBucks Lifestyle is beskikbaar by eBucks Lifestyle by 087 575 0050 of 011 377 5211 of stuur 'n e-pos aan eBuckslifestyle@ebucks.com.

33.3 Deur hierdie Bepalings en Voorwaardes te aanvaar, aanvaar die kliënt ook die Bepalings en Voorwaardes wat op eBuck-belonings van toepassing is.

Afdeling E: Waardetoegevoegde Voordele en Dienste

34. Globale Reisversekering

34.1 Opsomming van Voordele

34.1.1 Hierdie is 'n opsomming van die Reispolis se bepalings, voorwaardes en uitsluitings.

34.1.2 Die Reispolis is beskikbaar op ons webwerf, www.fnb.co.za, of u kan die Globale Reisigershulpsentrum kontak, en hulle sal die Reispolis aan u stuur. Indien enigiets onduidelik is, skakel asseblief die Globale Reisversekeringshulpnommer by 0861 490 100.

34.1.3 Hierdie aanbod geld slegs indien die kaarthouer 'n Suid-Afrikaanse burger is (of 'n burger van ander gespesifiseerde lande soos in die Polis beskryf), jonger as een-en-sewentig (71) jaar oud, wat hul reiskaartjies na hul bestemming en terug in Suid-Afrika (of ander gespesifiseerde lande soos in die Polis beskryf) koop. Verkry asseblief 'n afskrif van die Reispolis voordat u op reis gaan en maak seker u verstaan die Polis ten volle.

34.1.4 Aangesien sekere kredietprodukte moontlik van die voordele ingevolge die Reispolis uitgesluit is, moet die kaarthouer die Globale Reishulpsentrum kontak voordat die reiskaartjie met die kredietkaart gekoop word, om uit te vind watter kaarte uitgesluit word.

34.1.5 Indien die kaarthouer tussen 71 en 85 jaar oud is, kan ons 'n ander reisversekeringsopsie aan die kaarthouer bied. U kan meer oor ons ander opsies uitvind deur die Globale Reisversekering Hulplyn by 0861 490 100 te skakel.

34.1.6 Die voordele kragtens die Reispolis is beskikbaar vir die eerste negentig (90) dae van die kaarthouer se reis of totdat die kaarthouer die eindbestemming bereik wat op sy/haar reiskaartjie aangedui word, wat ook al die eerste plaasvind.

34.1.7 Europ Assistance bied noodbystand tydens oorsese reise. Indien die kaarthouer bystand benodig, kan hy/sy Europ Assistance kontak by +27 11 991 8409. Die kaarthouer kan van enige plek ter wêreld 'n kollekteeroproep na Europ Assistance toe maak.

34.1.8 Europ Assistance moet mediese onkoste goedkeur wanneer dit aangegaan word.

34.1.9 Die maksimum akkumulasie van enige voordele betaalbaar ten opsigte van enige enkele ongeluk of reeks ongelukke ingevolge die polis is beperk tot R10 000 000 (tien miljoen rand) op Premier Omvattende GRATIS Dekking, Private Clients GRATIS DEKKING en Private Wealth Omvattende GRATIS dekking, beperk tot R5 000 000 (vyf miljoen rand) op Gold GRATIS Dekking en beperk tot R500 000 (vyf honderd duisend rand) op Classic GRATIS Dekking per reiskaartjie wat gedebiteer is teen 'n geldige kaart wat deur FirstRand Bank Beperk uitgereik is (wat spesifiek deur die bank genomineer is) en is slegs van toepassing op kaarthouers onder een-en-sewentig (71) jaar.

34.1.10 Die voordele van die Reispolis vir kinders onder sestien (16) jaar is beperk ingevolge die afdeling van die Reispolis wat oor dood as gevolg van 'n ongeluk handel.

34.1.11 Die maksimum akkumulasie van enige voordele betaalbaar ten opsigte van enige enkele ongeluk of reeks ongelukke ingevolge die afdeling wat handel oor sterftes en permanente ongeskiktheid as gevolg van 'n ongeluk is beperk tot R1 000 000 (een miljoen rand) op Premier Omvattende GRATIS Dekking, Private Clients GRATIS DEKKING en Private Wealth Omvattende GRATIS dekking, beperk tot R500 000 (vyf honderd duisend rand) op GOLD GRATIS dekking en beperk tot R450 000 (vier honderd en vyftig duisend rand) op Classic GRATIS dekking, per geldige kaart uitgereik deur FirstRand Bank (wat spesifiek deur die Bank genomineer is) en geld slegs vir kaarthouers jonger as een-en-sewentig (71) jaar.

34.1.12 Die voordele word in die voordeletabel hieronder opgesom. Hierdie voordele is onderhewig aan verandering na redelike kennisgewing aan die kaarthouer.

34.1.13 eBucks-betalings sal soos volg hanteer word;

- Wanneer 'n kliënt gedeeltelik vir sy/haar reiskaartjie met die FNB of RMB Private Bank-kredietkaart betaal en gedeeltelik betaal deur die Ebucks-geldeenheid te gebruik, sal die kliënt in so 'n geval GRATIS reisversekering ontvang ooreenkomstig die toepaslike Kredietkaart wat vir die gedeeltelike betaling gebruik is.
- Wanneer 'n kliënt gedeeltelik vir sy/haar reiskaartjie met die FNB of RMB Private Bank-tjekkaart betaal en gedeeltelik betaal deur die Ebucks-geldeenheid te gebruik, sal die kliënt in so 'n geval GRATIS reisversekering ontvang ooreenkomstig die toepaslike Tjekkaart wat vir die gedeeltelike betaling gebruik is.
- Wanneer 'n kliënt vir sy/haar reiskaartjie betaal deur slegs die eBucks-geldeenheid as betaling te gebruik, sal 'n kliënt in so 'n geval GRATIS reisversekeringsdekking ontvang ooreenkomstig eBucks Travel.
- Wanneer 'n kliënt gedeeltelik vir sy/haar reiskaartjie betaal met 'n nie-FNB of RMB Private Bank Krediet-/Tjekkaart of 'n nie-kwalifiserende FNB Tjek-/Kredietkaart, saam met eBucks-geldeenheid as betaling, sal 'n kliënt in so 'n geval nie GRATIS reisversekeringsdekking ontvang nie.

34.2 Mediese Toestande wat deur die Reispolis uitgesluit word

34.2.1 Voorafbestaande siekte waar die kaarthouer ses (6) maande voor die aanvang van sy/haar reis mediese advies of behandeling ontvang het, tensy die kaarthouer vir 48 uur of langer gehospitaliseer is.

34.2.2 Roetinebehandeling vir chroniese, herhalende of voortdurende siektetoestande.

34.2.3 Akute of chroniese psigiatriese, sielkundige of emosionele toestande, selfmoord, selftoegediende beserings, en alkohol-, dwelm- en narkotikamisbruik.

34.2.4 Hart-, kardiovaskulêre, vaskulêre en serebrovaskulêre siekte vir persone van sewentig (70) jaar of ouer.

34.2.5 Fisioterapie- en chiropraktisynskoste van meer as R1 000 (eenduisend rand), behalwe terwyl die kaarthouer gehospitaliseer is.

34.2.6 Seksueel oordraagbare siektes.

34.2.7 Positief vir Menslike Immuniteitsgebrekvirus ("MIV") of het Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (Vigs) en enige afgeleide variasie daarvan, of MIV-verwante siekte, hoe dit ook al veroorsaak is, insluitende maar nie beperk nie tot:

- Kaposi-sarkoom;
- Pneumosistiese Pneumonie;
- Tuberkulose;
- Sitomegalovirus (C.M.V.);
- Kriptokokkale Meningitis;
- Gedissemineerde Herpes en/of Gordelroos.

34.2.8 Swangerskap en/of geboorte vanaf 1ste dag van die 26ste week van swangerskap.

34.3 Ander Reispolisuitsluitings

34.3.1 Indien die kaarthouer as 'n nie-betalende passasier in 'n openbare voertuig reis.

34.3.2 Indien die kaarthouer se reis vir emigrasiedoeleindes is.

34.3.3 Indien die kaarthouer se verlies, skade, sterfte, besering, siekte, ongeskiktheid of onkoste veroorsaak word deur:

- Deelname aan professionele sport of as 'n landsverteenwoordiger aan mededingende sportaktiwiteite;
- Deelname aan gevaarlike aktiwiteite, stokperdjies, belangstellings of sport soos in die Reispolis uiteengesit;
- Opsetlike blootstelling of aktiewe deelname aan oorlog, inval, dade van vreemde vyand, vyandighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie), terreurdade, burgeroorlog, rebellie, rewolusie, opstand, militêre of wederregtelike magsoorname, onluste of oproer;
- Enige Bagasie-eis wat nie onmiddellik by die polisie of vervoerinstansie aangemeld is nie en waarvoor geen skriftelike polisie- of onreëlmatigheidsverslag verkry is nie; of
- Bagasie/Persoonlike besittings – Enige enkele item van meer as R1 250 (eenduisend tweehonderd en vyftig rand). Let asseblief daarop dat Bagasiedekking slegs op die Omvattende GRATIS dekking beskikbaar is.

34.3.4 Eise vir behandeling deur homeopate, naturopate of refleksoloë, of enige ander alternatiewe medikasie.

34.3.5 Indien die kaarthouer onkoste aangaan om buitelands te reis ten einde mediese behandeling te ondergaan.

34.3.6 Indien die kaarthouer mediese onkoste aangaan na die voltooiing van sy/haar reis.

34.3.7 Geen gevolglike verliesdekking is kragtens die Reispolis beskikbaar nie.

35. AA Noodpadbystand (Outomaties by die gekoppelde en Alleenstaande FNB Petrokaart ingesluit)

35.1 Opsomming van voordele

35.1.1 Die AA Noodpadbystand-voordele ("die voordele") is aan houers van 'n geldige Petrokaart beskikbaar.

35.1.2 Indien die kredietkaartrekening agterstallig is, sal ons die voordele opskort totdat die kredietkaart-rekeninghouer die rekening tot 'n aanvaarbare stand herstel.

35.1.3 Die voordele is van toepassing op motorvoertuie, viertrekvoertuie en ligte handelsvoertuie met 'n drakrag van nie meer as 1.5 ton nie.

35.1.4 Die voordele is slegs in die Republiek van Suid-Afrika beskikbaar.

35.1.5 Die voordele is nie oordraagbaar nie.

35.1.6 Die voordele is slegs beskikbaar indien die voertuig se onklaarraking deur meganiese of elektriese foute veroorsaak word. Indien die voertuig in 'n ongeluk betrokke is, kan die kaarthouer ons toegewyde AA-inbelsentrumnommer skakel, maar alle dienste wat deur die AA gelewer word, sal vir die kaarthouer se eie rekening wees.

35.2 Hoe die voordele werk

35.2.1 Die voordele mag slegs telefonies deur ons toegewyde AA-inbelsentrum gereël word.

35.2.2 Die AA sal die betrokke voertuig na die naaste herstelsentrum toe sleep. Sleepvoordele is tot 'n maksimum van een duisend rand (R1 000) beperk.

35.2.3 Indien die voertuig meer as eenhonderd (100) kilometer van die kaarthouer se huis of die handelsadres af onklaar raak, sal die AA vir een van die volgende kostes betaal, tot 'n maksimum van vyfhonderd rand (R500):

- Voertuighuurkoste aan die goedgekeurde verhuurder vir koste wat die kaarthouer aangaan om sy/haar bestemming of huis te bereik; of
- Alternatiewe akkommodasie; of
- Repatriasiekoste sodat die kaarthouer sy/haar voertuig kan gaan haal.

35.2.4 Waar die gehuurde motor langer gehou word as die aanvanklike tydperk wat deur die AA goedgekeur is, moet die kaarthouer 'n nuwe kontrak met die motorverhuringsmaatskappy aangaan vir die verlengde tydperk, en die ekstra koste wat aangegaan word, self betaal.

35.2.5 Die keuse van motor en motorverhuringsmaatskappy is aan beskikbaarheid onderhewig. Motorhuur is aan al die motorverhuringsmaatskappy se vereistes onderhewig, insluitende deposito's vir botsingskade-kwytskelding, versekering en brandstof.

35.2.6 Akkommodasie- of repatriasievoordele is slegs beskikbaar indien die onklaarraking meer as eenhonderd (100) kilometer van die kaarthouer se huis of werkplek af gebeur.

35.2.7 Die keuse van hotelakkommodasie is aan beskikbaarheid onderhewig. Die AA is slegs vir akkommodasiekoste verantwoordelik. Die kaarthouer moet die hotel vir ekstra koste, soos wasgoed, mini-kroeg, video's en maaltye, betaal voordat hy/sy vertrek.

35.2.8 Die AA sal tot tweehonderd en vyftig rand (R250) vir slotmakerdienste betaal indien u sleutels in u motor toegesluit word. Die AA betaal nie vir slotmakerdienste om slotte of vonkskakelaars te herstel of vervang of om sleutels te sny nie.

35.2.9 Die AA betaal nie vir bergingsfooie, vervangingsonderdele of die vervoer daarvan, voertuigherstelwerk, kostes vir hulp wat direk deur die kaarthouer gereël is en koste vir hulp wat direk deur u gereël is of koste vir hulp wat deur 'n private persoon aan u verleen is nie.

35.2.10 Die "Stand by You"-diens is 'n diens waar `'n sekuriteitswag na u gestuur word indien u motor onklaar raak. Let asseblief op die volgende:

- Die enigste doel van die Diens is om die risiko van besering aan en/of aanvalle op die kaarthouer en ander insittendes van sodanige kaarthouer se voertuig tot die minimum te beperk.
- Die Diens is onderhewig aan beskikbaarheid en sekere areas word van die Diens uitgesluit. Indien die Diens versoek word in `'n area wat nie deur die Diens gedek word nie, behou AA dus die reg voor om die Diens aan die kaarthouer te weier.
- Die Diens kan slegs versoek word indien die onklaarraking van die voertuig langs die pad plaasgevind het, en nie by enige ander plek nie.
- Om die Diens te verkry, moet die kaarthouer die Diens van die AA Noodoproepsentrum versoek op dieselfde tyd wat padbystand versoek word. Die AA sal nie outomaties die Diens na die kaarthouer ontbied nie. Voorts kan die AA die Diens na goeddunke na `'n kaarthouer ontbied op grond van die beskrywing wat die kaarthouer aan die AA verskaf van die heersende sekuriteitsomstandighede op die toneel van die voorval.
- Kaarthouers kan slegs die Diens aktiveer deur die toegewyde FNB AA Noodoproepsentrum te kontak. Die kaarthouer moet voldoende inligting verskaf om die AA in staat te stel om vas te stel waar hy/sy gestrand is.
- Die Diens kan slegs gebruik word in samewerking met die padbystand wat deur die AA gelewer word. 'n Kaarthouer is nie daarop geregtig om die Diens afsonderlik te gebruik nie.
- Moontlike oponthoude in reaksie op 'n kaarthouer se oproep wat buite die AA en ADT Sekuriteit se beheer is, kan in sekere areas ervaar word as gevolg van verkeerspatrone, weersomstandighede, piekdiensversoeke wat ADT Sekuriteit ervaar, beperkte beskikbaarheid van ADT Sekuriteit se vlootkapasiteit, en ander tersaaklike faktore.
- By hul aankoms op die toneel van die voorval sal ADT Sekuriteit se reaksiebeampte saam met die kaarthouer wag vir solank as wat ADT Sekuriteit se reaksiebeampte goeddink en mits geen onmiddellik bedreigende noodalarmsituasie in die nabyheid van ADT Sekuriteit se beampte ontstaan wat die onttrekking van ADT Sekuriteit se beampte vanaf die toneel van die voorval voor die aankoms van die AA verg nie. Die AA sal poog om op die toneel van die voorval te arriveer voordat ADT Sekuriteit se reaksiebeampte vanaf die toneel van die voorval vertrek.
- Onder geen omstandighede sal ADT Sekuriteit of die AA die kaarthouer bystaan deur `'n vergesellings, vervoer of huissekuriteitsdiens te verskaf nie. Voorts sal ADT Sekuriteit se diensdoenende reaksiebeampte nie toegelaat word om enige vorm van padbystand aan die kaarthouer te bied nie.
- ADT Sekuriteit sal die Diens wat ingevolge hierdie Ooreenkoms verskaf word as `'n onafhanklike kontrakteur aan die kaarthouer lewer namens die AA.

35.2.11 Daar word aangeteken en ooreengekom dat die dienste van ADT Sekuriteit en die AA nie die veiligheid of die voorkoming van verlies, aanspreeklikheid, besering en skade van watter aard ook al kan waarborg nie.

35.3 Ander belangrike inligting

35.3.1 Die AA aanvaar geen aanspreeklikheid vir die verlies van of skade aan die voertuig of enige van sy onderdele of toebehore terwyl dit onbewaak is, of terwyl dit onder die sorg of beheer van enige kontrakteur of garage of sodanige kontrakteur of garage se werknemers of enige ander persoon is nie. Ons aanvaar eweneens nie hierdie aanspreeklikheid nie.

35.3.2 Die AA sal op alle moontlike maniere help om dispute met AA-aangestelde kontrakteurs op te los waar verlies of skade plaasgevind het terwyl die voertuig onder die sorg of beheer van sodanige kontrakteurs was.

35.3.3 Waar die voertuig gesleep word, aanvaar die AA geen verantwoordelikheid vir die veilige bewaring of vervoer van die vrag, wat van die voertuig af verwyder moet word voordat dit gesleep word nie.

35.3.4 Die AA behou die reg voor om enige diens of voordeel te weier waar die AA se diens misbruik word, op wederregtelike wyse gebruik word of nie meer geldig is nie.

36. Skuldbeskermingsprodukte:

36.1 Outomatiese Skuldbeskerming

36.1.1 U ontvang Outomatiese Skuldbeskermingsdekking, 'n vasgelegde waardetoegevoegde diens wat dekking verleen ten opsigte van die uitstaande saldo of die maksimum gespesifiseerde bedrag op u kredietkaartfasiliteit ten tyde van u afsterwe of permanente ongeskiktheid, watter een ten tyde van die gebeure ook al die minste is, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- Ons moet binne ses (6) maande van die gebeure bevredigende bewys van u sterfte of permanente ongeskiktheid ontvang;
- Ons sal geen bedrag wat aan ons verskuldig is, kwytskeld nie wat groter is as tweeduisend rand (R2 000) vir "Classic"-kaarthouers, vyfduisend rand (R5 000) vir "Gold"-kredietkaarthouers, twaalfduisend rand (R12 000) vir "Premier"-kaarthouers en eenduisend rand (R1 000) vir "Alleenstaande Petrokaart"-houers;

36.1.2 Ons sal geen bedrag kwytskeld nie:

- indien u siekte, liggaamlike besering, fisiese defek, swak gesondheid of enige ander insident of toestand wat 'n belangrike rol in u sterfte- of ongeskiktheidseis gespeel het, ontstaan het voordat u u rekening geopen het;
- indien die eis op enige wyse veroorsaak is deur of teruggespoor kan word na, of direk of indirek in die geheel of gedeeltelik voortspruit uit:
- die bestuur van enige voertuig terwyl u onder die invloed was van bedwelmende drank/alkohol of 'n dwelmmiddel met 'n narkotiese uitwerking of indien u bloedalkoholvlakke die wetlike perk oorskry het;
- selfmoord binne die eerste vier-en-twintig (24) maande van die ooreenkoms, selftoegediende besering of selftoegediende siekte (d.w.s. wat u self veroorsaak het), ongeag of u bedoel het om dit te doen of nie, of indien u uself uit eie vrye wil aan gevaar of ooglopende risiko van besering blootgestel het;
- die doelbewuste inname van 'n buitensporige hoeveelheid alkohol, dwelmmiddels, of narkotika, tensy dit deur 'n mediese dokter voorgeskryf is. Indien die middel egter voorgeskryf is om dwelmmisbruik te behandel, word dit ook uitgesluit;
- deelname aan 'n kriminele daad;
- betrokkenheid by of deelname aan enige oorlog, inval, handelinge van 'n vreemde vyand, vyandighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie), siviele oorlog, muitery, rebellie, wederregtelike magsoorname, oproer, siviele opstand of onluste;
- indien u rekening swak vertoon omdat dit 'n onaanvaarbare agterstallige status het op die datum van u sterfte of die gebeure wat permanente ongeskiktheid veroorsaak het, d.w.s. indien u nie twee of meer maandelikse premies wat op u kredietkaart verskuldig was, betaal het nie;
- indien hierdie ooreenkoms en/of u reg om die kredietkaart en/of u kredietkaartfasiliteit te gebruik tot 'n einde loop; en/of
- indien u op die datum van u sterfte of die gebeure wat permanente ongeskiktheid veroorsaak sewentig (70) jaar oud of ouer is.

36.1.3 Dit is u plig om ons onmiddellik daarvan te verwittig indien u aanvaar is om 'n skuldhersiening te ondergaan.

36.1.4 Indien u aansoek gedoen het, en aanvaar is vir die skuldhersieningsproses, verval die Outomatiese Skuldbeskermingsplan en die Optop-Skuldbeskermingsplan outomaties en sal u nie in staat wees om enige vergoeding ingevolge hierdie planne te eis nie.

36.1.5 Indien u maandelikse premies vir Optop-Skuldbeskerming betaal, sal sodanige premies gekanselleer word by kennisgewing dat u onder skuldhersiening is.

36.1.6 Indien u aan 'n spesiale reëling onderhewig is en twee keer, opeenvolgend of te eniger tyd gedurende die 60-maande tydperk, in verstek raak, sal die Outomatiese Skuldbeskermings- en Optop-Skuldbeskermingsplan outomaties beëindig word en sal u u dekking verloor en geen eis ingevolge hierdie polisse hê nie.

36.1.7 U maandpremies sal nie aan u terugbetaal word indien u polis om enige rede hoegenaamd gekanselleer word nie.

36.1.8 Vir verdere inligting oor Outomatiese Skuldbeskerming, insluitende Optop-Skuldbeskermingsplan- (premieverwante) produkte, besoek gerus ons webwerf by www.fnb.co.za.

36.2 Verduideliking van Optop-Skuldbeskermingplan:

36.2.1 Die Optop-Skuldbeskermingsplan, wat aangebied word as 'n aanvulling tot die Outomatiese Skuldbeskermingplan, vergroot u maksimum gespesifiseerde skulddekking soos volg:

- Hierdie voordeel beskerm u en u familie in geval van u afsterwe of permanente ongeskiktheid ten opsigte van die uitstaande debietsaldo van u persoonlike FNB Kredietkaart of die gespesifiseerde maksimum bedrag soos in die tabel hieronder aangedui, wat ook al die minste is, ten tyde van die gebeure. In geval van tydelike ongeskiktheid of personeelbesnoeiïng sal ons die minimum maandelikse paaiement soos op u maandstate aangedui tot ses (6) maande lank betaal. Die risikovoordeeldekking eindig op u 70ste verjaardag. Hierdie risikovoordeel is onderhewig aan die uitsluitings soos vervat in die Optop-Skuldbeskermingsplan- polisbrosjure.
- Indien u rekening egter swak vertoon ten tyde van die gebeure, sal geen voordeel aan u uitbetaal word nie.
- Die voordele word hieronder uitgestippel.

Optop-Skuld beskermings-plan	Sterfte	Permanente Ongeskik-theid	Tydelike Ongeskik-theid	Personeel-besnoeiing
✓	✓	✓	✓	✓

36.2.2 Versekeringspremie: Die Optop-Skuldbeskermingsplan se koste word bereken teen 'n koers per R1 000 van die uitstaande saldo groter as die maksimum gespesifiseerde bedrag van die Outomatiese Skuldbeskerming. Hierdie premie is onderhewig aan verandering en u sal, waar van toepassing, van sodanige veranderinge verwittig word.

36.2.3 Die premie en maksimum gespesifiseerde bedrag vir die Optop-Skuldbeskermingsplan is:

Tipe Kredietkaart	Premie	Maksimum Gespesifi-seerde Bedrag
Premier	R5 / R1 000	R88 000
Gold	R5 / R1 000	R75 000
Classic	R6 / R1 000	R48 000
Smart	R6 / R1 000	R19 000
Petro (Alleenstaande)	R6 / R1 000	R9 000

- Indien 'n kliënt Optop-Skuldbeskerming het en die FNB Private Clients-kredietkaart of FNB Private Wealth-kredietkaart aanvaar sonder om hierdie polis te kanselleer, sal die kliënt gedek gehou word tot 'n Maksimum Gespesifiseerde Bedrag van R100 000 teen 'n premie van R5/R1 000, met geen bedrag wat onder Outomatiese Skuldbeskerming gedek word nie.
- In geval van u sterfte (Sterfte) betaal ons 'n bedrag gelykstaande aan die uitstaande saldo van u persoonlike FNB Kredietkaart of die gespesifiseerde maksimum bedrag, wat ook al ten tyde van die gebeure die minste is. Ons sal geen aankope wat na die datum van u afsterwe gemaak word, betaal nie.
- Indien u permanent ongeskik raak (Permanente Ongeskiktheid), betaal ons 'n bedrag uit gelykstaande aan die uitstaande debietsaldo van u persoonlike FNB Kredietkaart of 'n gespesifiseerde maksimum bedrag, watter een ook al ten tyde van die gebeure die minste is. Ons sal geen aankope wat gedurende die tydperk van u permanente ongeskiktheid gemaak word, betaal nie.
- Indien u tydelik ongeskik raak (Tydelike Ongeskiktheid), sal ons u minimum maandelikse kredietkaartpaaiemente ooreenkomstig u maandstate vir 'n tydperk van ses (6) maande betaal vanaf die tweede betaaldatum na die datum waarop u tydelik ongeskik raak. Ons sal geen agterstallige paaiemente, rente of fooie wat betaalbaar geraak het voordat u ongeskik geraak het, betaal nie. Indien ons in ons uitsluitlike goeddunke vind dat u steeds na die eerste ses (6) maande tydperk ongeskik is, sal ons voortgaan om vir 'n maksimum tydperk van nog ses (6) maande soortgelyke betalings te maak. Indien ons bevind dat u na hierdie tydperk nog steeds ongeskik is, sal ons 'n gespesifiseerde maksimum bedrag of die oorblywende uitstaande debietsaldo van u persoonlike kredietkaart, wat ook al die minste is, betaal voordat ons u Risikovoordeeldekking beëindig. Hierdie Risikovoordeeldekking is beperk tot 'n maksimum van twee (2) eise op u FNB Kredietkaart en -Fasiliteit se voorwaardes en bepalings – Julie 2014-rekening. Ons sal geen aankope wat gedurende die tydperk van u tydelike ongeskiktheid gemaak word, betaal nie.
- Indien u pos besnoei word (Personeelbesnoeiing), sal ons u minimum maandelikse kredietkaartpaaiemente ooreenkomstig u maandstate vir 'n maksimumtydperk van ses (6) maande betaal vanaf die tweede betaaldatum nadat u pos besnoei is. Ons sal geen agterstallige paaiemente, rente of fooie wat betaalbaar geraak het voordat u pos besnoei is, betaal nie. Die Risikovoordeeldekking is beperk tot 'n maksimum van twee (2) eise op u rekening. Ons sal geen aankope wat gedurende die tydperk van u personeelbesnoeiïng gemaak word, betaal nie.

36.2.4 Alle Skuldbeskermingsplanvoordele is onderhewig aan die bepalings en voorwaardes in die Optop-Skuldbeskermingsplan-polisbrosjure soos deur FNB Life, regnr. 1904/002186/06 uitgereik. U aansoek sal goedgekeur word op grond van u bevestiging van u finansiële behoeftes en u begrip van die koste wat aan hierdie produk verbonde is.

36.3 Kontraktuele verhoudings en akkreditasie

FNB Kredietkaart, 'n afdeling van FirstRand Bank Beperk, 'n Gemagtigde Finansiëledienste- en Geregistreerde Kredietverskaffer, Maatskappyregnr. 1929/001225/06, NKW-regnr. NCRCP20, het 'n tussentydse ooreenkoms aangegaan met FNB Life, 'n afdeling van MMI Groep Beperk, Regnr. 1904/002186/06. FNB Life onderskryf en administreer die Skuldbeskermingsplan, 'n langtermynversekeringspolis, en het FNB Kredietkaart geakkrediteer om hierdie produk te versprei.

36.4 Algemeen

Werknemers van FNB Kredietkaart word opgelei en geakkrediteer om die inhoud van hierdie produkte aan belangstellende kliënte te verduidelik. FNB Kredietkaart het professionele skadeloosstellingsversekering.

36.4.1 Hierdie versekeringsrisikovoordeel is nie bedoel om aan al u lewensversekeringsbehoeftes te voldoen nie.

36.4.2 Besoek gerus ons webwerf by www.fnb.co.za of kontak FNB se Kliëntesorgsentrum by 011 369 2800 / 087 575 1111 vir 'n afskrif van die bepalings en voorwaardes in die Optop-Skuldbeskermingsplan-polisbrosjure. Hierdie verhouding word gereël deur die Gebruiksbepalings en -voorwaardes van toepassing op die FNB Kredietkaart en Kredietkaartfasiliteit asook die Optop-Skuldbeskermingsplan-polisbrosjure se bepalings en voorwaardes. Indien u enige verdere inligting verlang, kontak ons gerus by 011 369 2800 / 087 575 1111.

36.4.3 Let asseblief daarop dat die tariewe en/of besonderhede met betrekking tot die polis van tyd tot tyd deur FNB en/of sy onderskrywers hersien kan word. U sal skriftelik van sodanige veranderinge verwittig word.

37.7 SLOW Binnelandse en SLOW Internasionale Lughawe-waglokale

37.1 Slegs FNB Premier-, Private Clients-, Private Wealth- en RMB Private Bank-kaarthouers (hierna Kwalifiserende-rekening-kaarthouers genoem) kwalifiseer vir toegang tot en die gebruik van die SLOW Binnelandse Waglokale se dienste. SLOW Binnelandse Waglokale is geleë in die binnelandse terminale van Kaapstad Internasionale Lughawe (Kaapstad), King Shaka Internasionale Lughawe (Durban) en O.R. Tambo Internasionale Lughawe (Johannesburg).

37.2 Slegs FNB Premier-, Private Clients-, Private Wealth- en RMB Private Bank-kaarthouers (hierna Kwalifiserende-rekening-kaarthouers genoem) kwalifiseer vir toegang tot en die gebruik van die SLOW Internasionale Waglokaal se dienste. Die SLOW Internasionale Waglokaal is geleë in die internasionale terminaal van O.R. Tambo Internasionale Lughawe (Johannesburg).

37.3 Toegang tot SLOW Binnelandse Waglokale

As 'n Kwalifiserende-rekening-kaarthouer kwalifiseer u vir toegang tot en die gebruik van die dienste van die SLOW Binnelandse Waglokale ooreenkomstig spits- en buitespitstoegangstye, soos gespesifiseer op ons webwerf by www.fnb.co.za wat van tyd tot tyd bygewerk kan word.

37.4 Toegang tot SLOW Internasionale Waglokale

As 'n Kwalifiserende- rekening-kaarthouer kwalifiseer u vir toegang tot en die gebruik van die dienste van die SLOW Internasionale Waglokaal ingevolge die voorwaardes gespesifiseer op ons webwerf by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com wat van tyd tot tyd bygewerk kan word.

37.5 Algemene Reëls

37.5.1 Die toegangsmeganisme vir betreding van die SLOW Waglokale is die kwalifiserende Krediet- of Tjekkaart. Die kwalifiserende kaart word by betreding gevee en elke veeg word geklassifiseer as een (1) betreding van die SLOW Waglokaal.

37.5.2 Kwalifiserende Kriteria: Toegang tot die SLOW Waglokaal is daarvan afhanklik dat u voldoen aan die kwalifiserende kriteria, soos deur FNB en RMB Private Bank bepaal. Die kwalifiserende kriteria is beskikbaar op ons webwerf by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com en kan van tyd tot tyd bygewerk word. Toegang tot die waglokale word onafhanklik van die voldoening aan die kwalifiserende kriteria gedoen. Enige Kwalifiserende- rekening-kaarthouer kan toegang tot die waglokaal verkry deur die kwalifiserende kaart te toon, maar toegang hang af van die spasie wat ten tyde van betreding in die waglokaal beskikbaar is. Dit mag nodig wees om vir betreding van die waglokaal te betaal, afhangende daarvan of die kliënte voldoen aan die kwalifiserende kriteria, wat op ons webwerf by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com beskikbaar is en van tyd tot tyd bygewerk kan word. Benewens die kwalifiserende kriteria geld die volgende reëls ook:

- Slegs Kwalifiserende rekening-kaarthouers kwalifiseer vir toegang tot SLOW Waglokale.
- Die kwalifiserende kaarthouer se rekeninge moet goed vertoon.
- 'n Minimum aantal veë op die kwalifiserende tjekrekening of besteding op die kwalifiserende kredietkaart kan vereis word. Die kwalifiserende vee-/bestedingkriteria is beskikbaar op ons webwerf by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com en kan van tyd tot tyd bygewerk word.
- Om toegang tot die SLOW Waglokaal te verkry, moet die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer se Kwalifiserende Kaart by die SLOW Waglokaal getoon word voordat die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer dit kan betree. Indien die Kwalifiserende Kaart nie getoon word nie, sal die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer toegang tot die SLOW Waglokaal geweier word.
- Die kaarthouer se naam wat op die Kwalifiserende Kaart aangedui word, moet ooreenstem met die naam op die instapkaart.

37.5.3 'n Diens kan gelewer word waardeur u inligting kan versoek oor die aantal kwalifiserende besoeke waarvoor u kwalifiseer via 'n SMS-nommer of deur FNB se inbelsentrum, FNB Private Wealth-dienssuite of RMB Private Bank-dienssuite te skakel.

- Ons kan nie die ontvangs of versending van 'n SMS waarborg nie aangesien die Bank eksterne derde partye gebruik om SMS'e oor te dra.
- Ons sal redelike sorg dra om die akkuraatheid te verseker van die data wat aan u verskaf word aangaande gelewerde inligting, maar die Bank se amptelike rekords sal geld in geval van enige teenstrydigheid.
- Ons kan hierdie diens te eniger tyd en sonder enige kennisgewing aan u beëindig. Slegs versoeke wat voor die beëindiging van hierdie diens gerig is, sal uitgevoer word. Dit is alleenlik u verantwoordelikheid om gereeld hierdie Bepalings en Voorwaardes te hersien om vas te stel of die diens beëindig is.

37.5.4 Die SLOW Waglokaal kan na goeddunke toegang aan enige Kwalifiserende-rekening-kaarthouer of -gas weier.

37.5.5 Kwalifiserende-rekening-kaarthouers mag nie minderjariges in die SLOW Waglokaal inbring nie tensy die minderjarige die gas is van die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer soos op ons webwerf by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com gespesifiseer. Let asseblief daarop dat minderjariges onder die ouderdom van twee (2) jaar gratis toegang tot die SLOW Waglokaal het.

37.5.6 Indien die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer se gas `n minderjarige is ('n persoon onder die ouderdom van 18 jaar), moet die minderjarige te alle tye deur `n volwassene vergesel wees.

37.5.7 Bykomende gaste benewens die kwalifiserende besoeke soos in die kwalifiserende kriteria gespesifiseer, sal slegs toegang tot die SLOW Waglokaal verkry indien daar spasie beskikbaar is om hulle in die SLOW Waglokaal te akkommodeer, onderhewig aan die goeddunke van die SLOW Waglokaal se bestuurder, en die betaling van 'n fooi ooreenkomstig die prysgids wat op ons webwerf by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com gevind kan word.

37.5.8 Waar 'n fooi aangegaan word deur bykomende Kredietkaarthouers sal die fooie direk op die primêre Kredietkaarthouer se rekening gehef word en die primêre Krediethouer sal verantwoordelik wees om daardie fooi terug te betaal.

37.5.9 Kwalifiserende-rekening-kaarthouers en/of gaste wat toegang tot die SLOW Waglokaal verkry word nie toegelaat om onder die invloed te wees of skeltaal te gebruik nie. Sodanige gedrag sal daartoe lei dat die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer en/of gas uit die SLOW Waglokaal verwyder word. Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer en/of gas se toegang kan permanent teruggetrek word.

37.5.10 FNB en RMB Private Bank behou die reg om toegang aan enige Kwalifiserende-rekeningkaart-houer te weier.

37.5.11 FNB en RMB Private Bank is nie aanspreeklik vir enige skade, verlies of eis van enige aard wat ontstaan terwyl die Kwalifiserende-rekeningkaart-houer en/of gas die dienste van die SLOW Waglokaal gebruik nie.

37.6 Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer bevestig dat hierdie bepalings en voorwaardes onder sy/haar aandag gebring is en dat voldoende geleentheid gebied is om dit te ontvang en verstaan.

38. SLOW in the City

38.1 Slegs FNB Premier-, Private Clients-, Private Wealth- en RMB Private Bank-kaarthouers (hierna Kwalifiserende-rekening-kaarthouers genoem) kwalifiseer vir toegang tot en die gebruik van SLOW in the City se dienste as Kwalifiserende Gaste.

38.2 Toegang tot SLOW in the City is slegs beskikbaar van 07h00 tot 19h00 op werksdae, welke dae Saterdae, Sondae en Openbare Vakansiedae uitsluit.

38.3 Elke Kwalifiserende-rekening-kaarthouer sal toegang verkry vir die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer en gaste wat hulle vergesel na Slow in the City, ingevolge die pakkette wat gespesifiseer word op ons webwerf by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com wat van tyd tot tyd bygewerk kan word.

38.4 Algemene Reëls

38.4.1 Die toegangsmeganisme vir betreding van die SLOW Waglokale is die kwalifiserende Krediet- of Tjekkaart. Die kwalifiserende kaart word by betreding gevee en elke veeg word geklassifiseer as een (1) betreding van die SLOW Waglokaal. Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer kan versoek word om sekere kontakinligting te bevestig ten einde toegang te verkry.

38.4.2 Kwalifiserende Kriteria

Toegang tot SLOW in the City is daarvan afhanklik of u voldoen aan die kwalifiserende kriteria, soos deur FNB en RMB Private Bank bepaal. Die kwalifiserende kriteria is beskikbaar op ons webwerf by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com en kan van tyd tot tyd bygewerk word. Benewens die kwalifiserende kriteria geld die volgende reëls ook:

- Slegs Kwalifiserende-rekening-kaarthouers kwalifiseer vir toegang tot SLOW In the City.
- Die kwalifiserende kaarthouer se rekeninge moet goed vertoon.
- Om toegang tot SLOW in the City te verkry, moet die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer se Kwalifiserende Kaart by SLOW in the City getoon word voordat die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer dit kan betree. Indien die Kwalifiserende Kaart nie getoon word nie, sal die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer toegang tot SLOW in the City geweier word.
- Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer se besonderhede sal geverifieer word om te verseker dat die Kwalifiserende Kaart aan daardie spesifieke Kaarthouer uitgereik is. Indien die Kwalifiserende Kaart nie getoon word nie, of die kaart nie aan daardie spesifieke kaarthouer uitgereik is nie, sal die kaarthouer toegang tot SLOW in the City geweier word.
- Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer kom ooreen om die toepaslike fooie met betrekking tot die toegangspakkette en gekose bykomende dienste te betaal, ooreenkomstig die pryslys vir SLOW in the City, wat beskikbaar is by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com.

38.4.3 FNB/RMB behou die reg om enige kaarthouer se toegang terug te trek en SLOW in the City kan na goeddunke weier om toegang aan enige Kwalifiserende-rekening-kaarthouer of gas te verleen.

38.4.4 FNB/RMB is nie aanspreeklik vir enige skade, verlies of eis van enige aard wat ontstaan terwyl die FNB/FMB kwalifiserende kaarthouer en/of gas van SLOW in the City se dienste gebruik maak nie.

38.4.5 Toegang vir bykomende gaste is onderhewig aan beskikbaarheid en aan SLOW in the City se Bestuurder se goeddunke. Toegang vir bykomende gaste sal gehef word ooreenkomstig die pryslys vir SLOW in the City, wat by www.fnb.co.za en www.rmbprivatebank.com beskikbaar is.

38.4.6 Kwalifiserende Gaste kies 'n toegangspakket, wat bepaal watter Dienste hulle mag gebruik.

38.4.7 Bykomende dienste, bo en behalwe die Kwalifiserende Gas se toegangspakkette, kan ook op die dag deur die Kwalifiserende Gas gekoop word.

38.4.8 Alle onkoste wat gedurende die besoek aan SLOW in the City aangegaan word, sal in rekening gebring word. 'n Faktuur sal gegenereer word en die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer moet die rekening vereffen voordat hy/sy SLOW in the City verlaat. Let wel: Die rekening mag slegs met gebruik van die Kwalifiserende Kaart vereffen word en GEEN kontantbetalings sal aanvaar word nie.

38.4.9 Kwalifiserende Gaste sal beperkte gebruik van vergaderingslokale geniet (beperk tot `n maksimum van nege (9) mense), onderhewig aan die beskikbaarheid van die vergaderingslokale en ooreenkomstig die volgende kriteria:

- Kwalifiserende Gaste moet die vergaderingslokaal bespreek.

- SLOW in the City sal 'n rekening aan die Kwalifiserende Gas lewer vir die gebruik van die vergaderingslokaal op grond van die werklike duur van gebruik en ooreenkomstig die tariewe van toepassing ingevolge die Pryslys vir SLOW in the City.
- 'n Kansellasiefooi kan gehef word indien die Kwalifiserende Gas nie 'n bespreking gebruik nie en/of versuim om enige bespreking wat gemaak is, te kanselleer, binne die gespesifiseerde tyd.

38.5 Geleentheidsbespreking: Toegang van toepassing op alle Kwalifiserende-rekening-kaarthouers

Kwalifiserende-rekening-kaarthouers is daarop geregtig om besprekings te maak om sakefunksies en vergaderings by SLOW in the City se konferensie- en vergaderingslokaalfasilteite te hou en verversings daarvoor te laat verskaf.

- 'n Kwalifiserende-rekening-kaarthouer moet 'n Geleentheids-bespreking by SLOW in the City maak.
- SLOW in the City sal die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer van `'n Kwotasie vir die Geleentheid voorsien, gebaseer op die vereistes en Dienste wat die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer versoek het.
- Aanvaarding van die kwotasie sal slegs geldig wees indien die kwotasie deur die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer geteken is en by aanvaarding van die getekende kwotasie sal `'n bespreking gemaak word.
- 'n Kansellasiefooi sal gehef word indien die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer nie `'n bespreking gebruik nie en/of versuim om enige bespreking wat gemaak is, te kanselleer.
- By ontvangs van die getekende kwotasie sal SLOW in the City `'n faktuur uitreik, en die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer sal daarvoor aanspreeklik wees om die volle bedrag van die faktuur te betaal.
- Indien die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer gedurende die Geleentheid enige bykomende dienste gebruik wat nie by die kwotasie ingesluit is nie, sal 'n bykomende faktuur uitgereik word, welke bedrag die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer ten volle moet betaal en welke faktuur die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer op die dag van die Geleentheid moet vereffen voordat die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer die Geleentheid verlaat.
- Vir besonderhede met betrekking tot fakturering en betaling, kontak SLOW in the City by 084 777 7569 en/of raadpleeg die Bepalings en Voorwaardes vir Geleentheidsbesprekings*.
- Slegs kredietkaartbetalings en elektroniese fondsoorplasings word aanvaar. Geen kontantbetalings sal aanvaar word nie.
- Geen derde party mag instruksies met betrekking tot die bespreking namens die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer uitreik nie.
- Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer moet die doel waarvoor die Geleentheid gehou word en die name van en getal aanwesiges aan SLOW in the City bekend maak.
- Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer en Aanwesiges by die Geleentheid word slegs toegelaat om die Dienste wat bespreek is en bykomende dienste wat versoek is, te gebruik. Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer en Aanwesiges by die Geleentheid sal nie toegelaat word om die algemene Lokaalfasiliteite voor, gedurende of na die Geleentheid te gebruik nie.
- SLOW in the City behou die reg om na goeddunke te weier om enige bespreking te aanvaar.
- Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer en Aanwesiges by die Geleentheid moet SLOW in the City onmiddellik na die Geleentheid of te eniger tyd op versoek van die SLOW Lokaal se bestuurder verlaat.
- SLOW in the City behou die reg om 'n bykomende fooi van die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer te verhaal indien die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer die ooreengekome geskeduleerde eindtyd van die Geleentheid oorskry, wat by de Kwalifiserende-rekening-kaarthouer se faktuur gelas sal word.
- SLOW in the City sal Dienste lewer soos in die kwotasie vir die Geleentheid gespesifiseer. Indien enige Dienste om enige rede nie beskikbaar is nie, sal SLOW poog om alternatiewe Dienste te verskaf.
- Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer sal gebruik maak van die Dienste wat vir die Geleentheid benodig word soos deur SLOW in the City en sy aangewese verskaffers verskaf word. Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer moet skriftelike toestemming van Slow in the City verkry om enige derde party te gebruik om enige toerusting en dienste gepaardgaande met die Geleentheid te bestuur of te verskaf.

38.6 Algemene reëls van SLOW in the City: (Van toepassing op Kwalifiserende Gaste, Metgeselle, Kwalifiserende Kaarthouers en Aanwesiges)

- U mag geen voedsel of drinkgoed na SLOW in the City toe bring om op die perseel te verbruik sonder die bestuurder van SLOW in the City se vooraf verkreë toestemming nie.
- U mag geen reklameborde, baniere of handelsmerke binne SLOW in the City vertoon nie behalwe waar dit vooraf skriftelik deur SLOW in the City goedgekeur is en u mag geen items op die mure, vloer, plafonne of deure van enige vergader- en funksielokale aanbring nie.
- Rook is verbode in SLOW in the City. Enigeen wat wil rook moet aangewese rookareas buite SLOW in the City gebruik en moet aan alle bestaande veiligheids- en sekuriteitswette en regulasies voldoen soos deur SLOW in the City aan u gekommunikeer.
- U mag nie onder die invloed wees of skeltaal gebruik terwyl u SLOW in the City binnegaan en gebruik nie. Sodanige gedrag sal daartoe lei dat u uit SLOW in the City verwyder word, en u toegang kan permanent herroep word.
- U moet daagliks vanaf 18h00 aan die spesifieke kleredragreëls voldoen — die minimum vereiste is semi-formeel.
- Daar word van u vereis om te alle tye aan die redelike versoeke en/of instruksies van bestuur met betrekking tot die gebruik van SLOW in the City te voldoen.
- SLOW in the City is daarop geregtig om u te vra om SLOW in the City te verlaat of u toegang daartoe te weier indien u versuim om aan hierdie Reëls te voldoen.

38.7 Die Kwalifiserende Gas en Kwalifiserende-rekening-kaarthouer moet SLOW in the City en/of sy agente/verskaffers of derde partye vergoed vir enige verlies of skade wat die Kwalifiserende Gas en Kwalifiserende-rekening-kaarthouer of hul Metgeselle en Aanwesiges veroorsaak aan SLOW in the City of enige ander derde party wat van SLOW in the City gebruik maak. Die Kwalifiserende Gas en Kwalifiserende-rekening-kaarthouer is verantwoordelik vir die volle koste van vergoeding vir of die vervanging of herstel van enige sodanige verlies of skade, soos deur SLOW in the City bepaal.

a) SLOW in the City is nie aanspreeklik vir enige verlies, sterfte, besering of skade, hoe dit ook al veroorsaak is, aan die Kwalifiserende Gas en Kwalifiserende-rekening-kaarthouer en/of Metgeselle en Aanwesiges terwyl hulle in die Fasiliteit is of daarvan gebruik maak nie behalwe waar sodanige verlies, sterfte, besering of skade 'n direkte gevolg van die growwe nalatigheid en/of opsetlike wangedrag van SLOW in the City of sy werknemers of agente is.

b) Die Kwalifiserende Gas en Kwalifiserende-rekening-kaarthouer vrywaar SLOW in the City en stel SLOW in the City skadeloos teen alle eise of skuldoorsake, insluitende skadevergoeding en regskoste en onkoste voortspruitend uit die koop en gebruik van Dienste by SLOW in the City. Die Kwalifiserende Gas en Kwalifiserende-rekening-kaarthouer vrywaar SLOW in the City ook teen enige eis op grond van die Kwalifiserende Gas en Kwalifiserende-rekening-kaarthouer en/of Metgeselle en Aanwesiges se gedrag by SLOW in the City.

38.9 Kontakbesonderhede

Vir enige inligting en navrae met betrekking tot SLOW in the City se Dienste, kontak hulle direk by 084 777 7569 en/of epos sandton@slowinthecity.co.za.

38.10 Die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer bevestig dat hierdie bepalings en voorwaardes onder sy/haar aandag gebring is en dat voldoende geleentheid gegee is om dit te ontvang en verstaan.

*Die Pryslys vir SLOW in the City, die Bepalings en Voorwaardes vir Kwalifiserende Gaste by SLOW in the City en die Bepalings en Voorwaardes vir Geleentheidsbesprekings by SLOW in the City kan gevind word by www.slowinthecity.co.za.

39. Toegangsreëls vir Bidvest Premier Waglokale

39.1 Slegs FNB Private Wealth- en RMB Private Bank-kaarthouers (hierna Kwalifiserende-rekening-kaarthouers genoem kwalifiseer vir toegang tot en gebruik van die dienste van die Bidvest Premier Waglokale.

39.2 Die Bidvest-waglokale sal nie enige FNB Private Wealth/RMB Private Bank-kaarthouers met verstrykte kaarte aanvaar nie.

39.3 Die Bidvest-waglokale sal nie die Bidvest Kwalifiserende-rekening-kaarthouer in die waglokaal toelaat sonder dat 'n geldige FNB Private Wealth/RMB Private Bank-kaart getoon word nie.

39.4 Die Bidvest-waglokale sal slegs die Bidvest Kwalifiserende-rekening-kaarthouer toegang tot die waglokale toelaat indien die FNB Private

Wealth/RMB Private Bank-kredietkaart of -tjekkaart wat getoon word in hulle individuele naam uitgereik is.

39.5 Slegs een kaart (FNB Private Wealth/RMB Private Bank-kredietkaart- of -tjekkaart) sal per Bidvest Kwalifiserende-rekening-kaarthouer wat toegang tot die waglokaal versoek toegelaat word en dit moet vergesel wees van 'n instapkaart (beide die kaart en die instapkaart moet in dieselfde individu se naam wees).

39.6 Vir meer inligting, insluitend bedryfsure en aanwysings, besoek asseblief www.bidvestlounge.co.za

40. *inContact*

40.1 Die *inContact*-Diens is 'n boodskapdiens wat u via SMS en/of epos na u gekose mobiele foonnommer en/of e-posadres van kennisgewings van sekere rekeningaktiwiteite voorsien.

40.2 Hierdie bepalings en voorwaardes geld vir *inContact* en *inContact-Pro* ('n gevorderde tipe *inContact*). Dit vorm `'n bindende ooreenkoms tussen u en FNB. U moet hierdie bepalings en voorwaardes aandagtig deurlees. Kontak ons indien daar enige deel van hierdie bepalings en voorwaardes is wat u nie verstaan nie. Hierdie bepalings en voorwaardes moet saam met die FNB Algemene Bepalings en Voorwaardes gelees word wat by www.fnb.co.za gevind kan word. Deur *inContact* en/of *inContact-Pro* te gebruik, stem u in om aan hierdie bepalings en voorwaardes gebind te wees.

40.3 Die tipes en waardes van transaksies waarvoor ons kennisgewings verskaf verander van tyd tot tyd. As gevolg daarvan moet u steeds die nodige voorsorgmaatreëls volg om u rekeninge, kaarte en bankkanaal-toegangsmeganismes, soos wagwoorde en PIN's, veilig te bewaar. U is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die Bank u korrekte mobiele foonnommers en/of e-posadresse het. Ons sal nie daarvoor verantwoordelik wees indien u SMS en/of epos na die verkeerde nommer of adres gestuur word nie. U *inContact*-inligting kan elektronies opgedateer word met gebruik van die Aanlynbankkanaal, deur die kliëntkontaksentrums te kontak of `'n Tak te besoek.

40.4 Ons kan nie die ontvangs of aflewering van 'n SMS en/of e-pos waarborg nie, aangesien die Bank eksterne derde partye gebruik om SMS'e en/of eposse te versend. Hoewel ons vir u *inContact*-kennisgewings stuur, sal u staat die hoof- en vernaamste rekord van alle transaksies op u rekening wees. U moet dus alle inskrywings op u staat onmiddellik by ontvangs van u staat nagaan. U moet enige ongemagtigde transaksie of foute binne dertig (30) dae vanaf die datum van die staat rapporteer. Indien u versuim om dit te doen, sal daar aanvaar word dat alle inskrywings korrek en gemagtig is. FNB kan nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese wat gely word as gevolg van u versuim om ons betyds van verdagte of ongemagtigde transaksies te verwittig nie.

40.5 *inContact* is ontwerp om u te help om aktiwiteit op u rekening te volg en potensiële ongemagtigde transaksies tot die minimum te beperk. Dit is belangrik dat u u *inContact*-kennisgewings moet lees sodra u hulle ontvang. U moet FNB binne vier-en-twintig (24) uur van enige verdagte of ongemagtigde transaksies op u rekening verwittig. Indien u versuim om dit te doen, stem u in dat FNB die transaksie as korrek kan beskou en u wetlik vir die transaksie verantwoordelik kan hou asof u dit uitgevoer of goedgekeur het. In geval van 'n dispuut daaroor wanneer `'n boodskap gestuur is, sal ons stelselrekords as bewys van die datum en tyd van versending van die boodskap dien, tensy u die teendeel kan bewys.

.

41. Take Me Home

41.1 Beskrywing van Diens

41.1.1 Die Take me Home-diens is 'n diens waardeur 'n lid in sy/haar eie voertuig deur 'n aangewese bestuurder huis toe bestuur word.

41.1.2 Die Take me Home-diens ("die diens") is beskikbaar aan alle geldige Alleenstaande, Gekoppelde Premier-, Private Clients, Private Wealth- en RMB Private Bank- Petrokaarthouers, hierna die Petrokaarthouer genoem. Die diens word aan die Petrokaarthouer gebied sewe dae per week van 17:30 tot 3:00 die volgende dag.

41.1.3 Die diens is beskikbaar vir 'n maksimum van 50km vanaf die oplaaipunt tot by die aflaaipunt binne die volgende metropolitaanse gebiede:

- Johannesburg
- Pretoria
- Kaapstad
- Durban
- Oos-Londen
- Port Elizabeth
- George

41.1.4 In gevalle waar die Petrokaarthouer van hierdie punt af verder wil reis en indien kapasiteit op die dag dit toelaat, sal die Petrokaarthouer ooreenkomstig gehef word en betalingsbepalings sal regstreeks deur die aangewese diensverskaffer gefasiliteer word.

41.1.5 Indien die kredietkaartrekening agterstallig is, skort ons die diens op totdat die kredietkaarthouer die rekening na 'n aanvaarbare status herstel.

41.2 Hoe die diens werk

41.2.1 Die diens moet gereël word deur die Europ Assistance Worldwide Services (Suid-Afrika) (Edms.) Bpk. ("EASA") se oproepsentrum by 0861 643 278 of deur die FNB Take me home-app (beskikbaar op Android- en Apple-app-winkels.

41.2.2 Sodra EASA die kliënt se versoek ontvang, sal die agent 'n voertuig met twee bestuurders stuur en die lid in sy/haar eie voertuig huis toe bestuur.

41.2.3 Die Petrokaarthouer sal alleenlik vervoer word in 'n motorvoertuig wat deur hom/haar voorsien word.

41.2.4 Die diens is beskikbaar aan die Petrokaarthouer en tot 'n maksimum van twee (2) passasiers wat by een (1) optelpunt opgetel word en by een (1) aflaaipunt afgelaai word.

41.2.5 Die Petrokaarthouer moet poog om buite-spitstyd die reis minstens sestig (60) minute te bespreek voordat die bestuurder benodig word en tydens spitstyd minstens een honderd en twintig (120) minute voordat die bestuurder benodig word. Om optel op 'n gespesifiseerde tyd te waarborg, moet 'n bespreking met minstens 48 uur kennis gedoen word.

41.2.5.1 Buite-spitstyd is Sondagaand tot Donderdagoggend.

41.2.5.2 Spitstyd is Donderdagaand tot Sondagoggend asook openbare vakansiedae (die nag voor en die dag self) en in sekere gevalle groot openbare gebeurtenisse wat binne die Diensgebied plaasvind, byvoorbeeld sportbyeenkomste, konserte, ens.

41.2.6 Die Petrokaarthouer kan veranderinge aan 'n bespreking binne 'n redelike tyd by die inbelsentrum aanteken.

41.2.7 Enige besprekings wat minder as sestig (60) minute tydens buite-spitstydperke en negentig (90) minute tydens spitstye voor die voorgestelde opteltyd gekanselleer word, sal teen die volle tarief gedebiteer word en van die Petrokaarthouer se totale gedekte gebeure afgetrek word.

41.2.8 Hierdie diens is vir 'n maksimum van ses (6) gebeure per jaar per Alleenstaande, Gekoppelde Premier, gekoppelde Private Clients-Petrokaarthouer-rekening. Gekoppelde Private Wealth en gekoppelde RMB Private Bank- Petrokaarthouers ontvang tien (10) gebeure per jaar. Indien die kaarthouer die totale aantal gedekte gebeure vir die tydperk ingevolge sy/haar polis oorskry, kan die lid steeds die diens gebruik, maar die diens word gefasiliteer op grond daarvan dat die lid betaal. In so geval word die kaarthouer se kredietkaart gedebiteer.

41.3 Ander belangrike inligting

41.3.1 Die Petrokaarthouer vrywaar EASA en FNB teen alle aanspreeklikheid wat verband hou met enige materiële skade aan eiendom, regstreeks of onregstreeks, gevolglik of andersins, wat voortspruit uit die Diens, wat deur 'n derde party ingestel kan word.

41.3.2 Die Petrokaarthouer vrywaar hiermee EASA, FNB, sy direkteure, werknemers en Diensverskaffers, onherroeplik teen enige eis wat voortspruit uit sterfte en/of besering, en vir materiële skade aan eiendom wat deur enigeen of meer van hulle ingestel kan word deur die Lid, sy/haar boedel of regsverkrygendes, wat voortspruit uit of in verband met enige nalatige optrede van EASA, sy direkteure, werknemers en Diensverskaffers.

41.3.3 Die Petrokaarthouer erken uitdruklik dat die Diens uitsluitlik vir die Petrokaarthouer se gebruik is.

41.3.4 Die Petrokaarthouer waarborg dat die gepaste versekeringsdekking in plek is ten opsigte van die kaarthouer se motorvoertuig en dat dit uitgebrei is tot alternatiewe bestuurders en alternatiewe bestuurders jonger as 25 jaar wat die kaarthouer se motorvoertuig bestuur ten einde enige EASA-verteenwoordiger in te sluit wat die diens verskaf.

41.3.5 Die kaarthouer erken dat EASA deur middel van SMS (kort boodskap diens) kommunikeer en stem hiermee in dat geen kommunikasie wat op hierdie wyse deur die kaarthouer ontvang word, beskou sal word as ongevraagde kommunikasie, soos bepaal in die VBW nie.

FNB Classic Kredietkaart
GLOBALE REISVERSEKERING
Van toepassing vanaf 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016

BYLAE VAN VOORDELE* (Persone tot die ouderdom van 70, nog nie 71 nie) Perk per reiskaartjie gekoop		
Beskrywing	**Voordeel**	**Bybetaling**
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle		
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle — Plaaslik	R175 000	R1 000
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle — Internasionaal	R500 000	R2 000
Verwante Onkoste		
Oorlog en Terrorisme	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Mediese Vervoer, Repatriasie en Ontruiming	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbesoek deur Familielid	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Kinders	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Reismetgesel	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Begrafnis, Verassing of Terugbesorging van Stoflike Oorskot	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Daaglikse Hospitaalkontantvoordeel	Nul	
Voorafbestaande Mediese Onkoste vir Noodgevalle		
Voorafbestaande Mediese Onkoste In-hospitaal	R100 000	48 Uur
Mediese Vervoer, Repatriasie en Ontruiming	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbesoek deur Familielid	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Kinders	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Reismetgesel	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Begrafnis, Verassing of Terugbesorging van Stoflike Oorskot	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbystanddienste (vir 'n gedekte gebeurtenis)		
Mediese Verwysing	Ingesluit	
Mediese Monitering	Ingesluit	
Noodmedikasie	Ingesluit	
Ontruiming, Repatriasie, Terugbesorging van Stoflike Oorskot	Ingesluit	
Versending van Dringende Boodskappe	Ingesluit	
Ambassadeverwysing	Ingesluit	
Noodreis- en Akkommodasiereëlings	Ingesluit	
Regshulp	Ingesluit	
Verlies van Reisdokumente	Ingesluit	
Toevallige Sterfte en Persoonlike Ongeluk		
Toevallige Sterfte	R100 000	Nul
Toevallige Permanente Ongeskiktheid	R350 000	Nul
Oorlog en Terrorisme	By Toevallige Sterfte & Permanente Ongeskiktheid ingesluit	
Reiskansellasie, Reisbeperking of Reisverlenging		
Reiskansellasie	Nul	
Reisbeperking	Nul	
Reisverlenging	Nul	
Reisvertraging	Nul	
Persoonlike Aanspreeklikheid	Nul	
Regsuitgawes	Nul	
Kaping en Gyselaar of Wederregtelike Aanhoudingongerief	Nul	
Bagasie		
Bagasie-inhoud (Enkelitemperk)	Nul	
Kontant en Dokumente	Nul	
Bagasie-oponthoud	Nul	

*Hierdie Bylae van Voordele moet saam met die Polisbewoording as een dokument gelees word.
Die polisbewoording is by ww.fnb.co.za beskikbaar

FNB Gold Kredietkaart
GLOBALE REISVERSEKERING
Van toepassing vanaf 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016

BYLAE VAN VOORDELE* (Persone tot die ouderdom van 70, nog nie 71 nie) Perk per reiskaartjie gekoop		
Beskrywing	**Voordeel**	**Bybetaling**
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle		
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle — Plaaslik	R175 000	R1 000
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle — Internasionaal	R5 000 000	R2 000
Verwante Onkoste		
Oorlog en Terrorisme	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Mediese Vervoer, Repatriasie en Ontruiming	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbesoek deur Familielid	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Kinders	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Reismetgesel	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Begrafnis, Verassing of Terugbesorging van Stoflike Oorskot	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Daaglikse Hospitaalkontantvoordeel	R200 per dag / Maksimum R3 000	
Voorafbestaande Mediese Onkoste vir Noodgevalle		
Voorafbestaande Mediese Onkoste In-hospitaal	R100 000	48 Uur
Mediese Vervoer, Repatriasie en Ontruiming	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbesoek deur Familielid	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Kinders	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Reismetgesel	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Begrafnis, Verassing of Terugbesorging van Stoflike Oorskot	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbystanddienste (vir 'n gedekte gebeurtenis)		
Mediese Verwysing	Ingesluit	
Mediese Monitering	Ingesluit	
Noodmedikasie	Ingesluit	
Ontruiming, Repatriasie, Terugbesorging van Stoflike Oorskot	Ingesluit	
Versending van Dringende Boodskappe	Ingesluit	
Ambassadeverwysing	Ingesluit	
Noodreis- en Akkommodasiereëlings	Ingesluit	
Regshulp	Ingesluit	
Verlies van Reisdokumente	Ingesluit	
Toevallige Sterfte en Persoonlike Ongeluk		
Toevallige Sterfte	R100 000	Nul
Toevallige Permanente Ongeskiktheid	R400 000	Nul
Oorlog en Terrorisme	By Toevallige Sterfte & Permanente Ongeskiktheid ingesluit	
Reiskansellasie, Reisbeperking of Reisverlenging		
Reiskansellasie	R10 000	R500
Reisbeperking	R7 000	R500
Reisverlenging	R1 000	R500
Reisvertraging	R1 500	6 Uur
Persoonlike Aanspreeklikheid	R1 000 000	Nul
Regsuitgawes	R5 000	Nul
Kaping en Gyselaar of Wederregtelike Aanhoudingongerief	R500 per dag / Maks. R10 000	Nul
Bagasie		
Bagasie-inhoud (Enkelitemperk)	R2 500 (R625)	R500
Kontant en Dokumente	R1 000	R350
Bagasie-oponthoud	R1 500	6 Uur

*Hierdie Bylae van Voordele moet saam met die Polisbewoording as een dokument gelees word.
Die polisbewoording is by ww.fnb.co.za beskikbaar

FNB Premier, FNB Private Clients, FNB Private Wealth en RMB Private Bank
GLOBALE REISVERSEKERING
Van toepassing vanaf 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016

BYLAE VAN VOORDELE* (Persone tot die ouderdom van 70, nog nie 71 nie) Perk per reiskaartjie gekoop		
Beskrywing	**Voordeel**	**Bybetaling**
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle		
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle — Plaaslik	R175 000	R1 000
Mediese & Verwante Onkoste vir Noodgevalle — Internasionaal	R10 000 000	R2 000
Verwante Onkoste		
Oorlog en Terrorisme	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Mediese Vervoer, Repatriasie en Ontruiming	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbesoek deur Familielid	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Kinders	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Reismetgesel	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Begrafnis, Verassing of Terugbesorging van Stoflike Oorskot	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Daaglikse Hospitaalkontantvoordeel	R200 per dag / Maksimum R3 000	
Voorafbestaande Mediese Onkoste vir Noodgevalle		
Voorafbestaande Mediese Onkoste In-hospitaal	R100 000	48 Uur
Mediese Vervoer, Repatriasie en Ontruiming	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbesoek deur Familielid	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Kinders	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Repatriasie van Reismetgesel	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Begrafnis, Verassing of Terugbesorging van Stoflike Oorskot	By Mediese Onkoste vir Noodgevalle ingesluit	
Noodbystanddienste (vir 'n gedekte gebeurtenis)		
Mediese Verwysing	Ingesluit	
Mediese Monitering	Ingesluit	
Noodmedikasie	Ingesluit	
Ontruiming, Repatriasie, Terugbesorging van Stoflike Oorskot	Ingesluit	
Versending van Dringende Boodskappe	Ingesluit	
Ambassadeverwysing	Ingesluit	
Noodreis- en Akkommodasiereëlings	Ingesluit	
Regshulp	Ingesluit	
Verlies van Reisdokumente	Ingesluit	
Toevallige Sterfte en Persoonlike Ongeluk		
Toevallige Sterfte	R250 000	Nul
Toevallige Permanente Ongeskiktheid	R750 000	Nul
Oorlog en Terrorisme	By Toevallige Sterfte & Permanente Ongeskiktheid ingesluit	
Reiskansellasie, Reisbeperking of Reisverlenging		
Reiskansellasie	R15 000	R500
Reisbeperking	R15 000	R500
Reisverlenging	R15 000	R500
Reisvertraging	R2 000	6 Uur
Persoonlike Aanspreeklikheid	R2 500 000	Nul
Regsuitgawes	R10 000	Nul
Kaping en Gyselaar of Wederregtelike Aanhoudingongerief	R500 per dag / Maks. R10 000	Nul
Bagasie		
Bagasie-inhoud (Enkelitemperk)	R5 000 (R1 250)	R500
Kontant en Dokumente	R1 500	R350
Bagasie-oponthoud	R2 000	6 Uur

*Hierdie Bylae van Voordele moet saam met die Polisbewoording as een dokument gelees word.
Die polisbewoording is by ww.fnb.co.za beskikbaar

Omskrywings wat in hierdie Ooreenkoms gebruik word

"AA" beteken die Outomobiel Assosiasie van Suid-Afrika

"toegangskanaal" beteken enige vorm van toegangstegnologie, insluitende die Internet of mobiele telefoontegnologie of Interaktiewe Stemrespons-stelsel, maar nie daartoe beperk nie.

"bykomende kaarthouer" beteken enige persoon wat deur u gemagtig is om van 'n bykomende kredietkaart onder u verantwoordelikheid voorsien te word.

"bykomende rekening" beteken enige kredietkaart- of Petrokaartrekening deur ons in die bykomende kaarthouer se naam geopen waarvoor die Primêre Kaarthouer verantwoordelik is.

"ooreenkoms" beteken die voorooreenkomsverklaring, gepaardgaande kwotasie, en bepalings en voorwaardes van gebruik, soos van tyd tot tyd ooreenkomstig die NKW se bepalings gewysig, tesame met u aansoekvorm (deur u en/of enige bykomende kaarthouer onderteken), of die aansoekinligting wat telefonies of per faks aan ons verstrek is, en die eBucks-program (indien van toepassing), sowel as die waardetoegevoegde dienste se bepalings en voorwaardes, wat die volledige ooreenkoms tussen u en ons uitmaak.

"Outobetaling" beteken 'n opdrag wat 'n rekeninghouer aan ons gee om gereelde betalings op gegewe datums te maak.

"OTM" beteken 'n Outomatiese Tellermasjien.

"Aanwesige(s)" beteken die gaste van die Kwalifiserende-rekening-kaarthouer wat die Geleentheidsbespreking by SLOW in the City bywoon.

"skaal tussen prokureur en eie kliënt" beteken die fooie wat 'n kliënt aanspreeklik is om sy/haar prokureur te betaal vir dienste gelewer t.o.v. 'n regsaangeleentheid.

"kaarthouer, u, ek" beteken die kaarthouer aan wie ons die kredietkaart uitgereik het.

"kanale" Selfoon-, aanlyn-, tak-, OTM-bankdiens.

"mikroskyfie" beteken die geïntegreerde stroombaan vasgelê in 'n plastiekkaart, wat ontwerp is om verwerkings- en/of geheuefunksies uit te voer.

"mikroskyfie & PIN" beteken 'n plastiekkaart, ook bekend as 'n skyfiekaart, met 'n vasgelegde mikroskyfie wat inligting aan 'n verkoopspuntterminaal en/of ander elektroniese toestelle kommunikeer.

"Kliënt(e)" beteken FNB-kaarthouers wat `n Geleentheidsbespreking by SLOW in the City maak.

"verbruiker" beteken die party aan wie krediet kragtens 'n kredietfasiliteit toegestaan word.

"kredietkaart" beteken die Visa Kredietkaart of Visa Electron Kredietkaart met magnetiese strokie en/of mikroskyfie & PIN of Petrokaart wat ons aan u uitreik.

"Kredietkaartrekening" beteken 'n finansiëlediensteproduk soos omskryf in die Wet op Finansiële Advies en Tussengangersdienste wat in staat is om deposito's te aanvaar en u in staat stel om transaksies te doen en wat die kredietkaartrekening of Petrokaartrekening (soos van toepassing) insluit wat deur ons in u naam oopgemaak is of in die naam van die bykomende kaarthouer of in die naam van die bykomende rekeninghouer.

"Kredietfasiliteit" beteken 'n ooreenkoms waarvolgens ons, die kredietverskaffer, 'n bedrag aan u, namens u, of volgens u eie oordeel betaal. U verpligting om die geld aan die kredietverskaffer terug te betaal word uitgestel en u word periodiek gedebiteer.

"Kredietkaartrekening Maandelikse Fooi" is die koste wat maandeliks gehef word vir die administrasie en instandhouding van u kredietkaartrekening.

"Kredietfasiliteitdiensfooi" *is die koste wat maandeliks gehef word vir die roetine-administrasie en instandhouding van u kredietfasiliteit.*

"kredietverskaffer" beteken die persoon wat krediet verskaf kragtens 'n kredietooreenkoms.

"Gemeenskaplike Monetêre Gebied" beteken Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana en Swaziland.

"Metgesel(le)" beteken die gas(te) van die Kwalifiserende Gas.

"kredietverskaffer, die bank, ons" beteken FirstRand Bank Beperk, 'n geregistreerde bank, registrasienommer 1929/001225/06.

"skuldberader" beteken 'n persoon wat ingevolge die Nasionale Kredietwet geregistreerd is en 'n verbruiker se skuldsituasie noukeurig ondersoek en die beste plan van aksie voorstel.

"skuldhersiening" beteken 'n proses waardeur 'n skuldberader die kollektiewe skuld wat aan verskeie kredietverskaffers verskuldig is, hersien in die geval dat die kaarthouer bystand van die skuldberader soek.

"Kwalifiserende Gas(te)" beteken kwalifiserende-rekening-kaarthouers.

"Geleentheid" beteken `n sakefunksie of vergadering vir tien Aanwesiges of meer.

"Geleentheidsbespreking" beteken 'n bespreking wat vooraf deur 'n Kwalifiserende-rekening-kaarthouer gemaak word om `n sakefunksie of vergadering vir tien of meer Aanwesiges te hou.

"volle betaling" beteken totale transaksies, plus rente, plus fooie.

"goed vertoon" beteken al u FNB- en FirstRand Bankrekeninge en -kredietooreenkomste moet goed vertoon. Dit beteken geen van u FNB- en FirstRand Bankrekening en -kredietooreenkomste mag oortrokke of agterstallig of in verstek of onderworpe aan enige regsproses met FNB of FirstRand Bank wees nie. Regsproses beteken enige regstappe in enige geregshof waarby u en FNB of FirstRand Bank betrokke is, insluitende maar nie beperk nie tot: invorderings-, likwidasie- en sekwestrasie-aksies. Regsproses sluit egter skuldhersiening uit soos in A86 van die Nasionale Kredietwet 2005 bedoel.

"Gekoppelde Petrokaart" beteken 'n Petrokaart wat ons aan u uitreik, wat aan 'n Kredietkaart in u naam gekoppel is.

"minimum bedrag" beteken sluitingsaldobedrag, minus enige agterstallige bedrag, minus enige begrotingspaaiemente, minus ledegelde, minus enige oorblywende perkoorskrydingsbedrag, minus opsionele skuldbeskermingspremiebedrag (waar van toepassing). Ons bereken dan 5% (die minimum maandelikse terugbetalingspersentasie soos op u kwotasie gestipuleer) (let asseblief daarop dat hierdie syfer per produk kan wissel) op die oorblywende bedrag.

"Nasionale Kredietwet" beteken die Nasionale Kredietwet 34 van 2005.

"oorverskuldig" beteken wanneer 'n verbruiker nie in staat is om sy of haar verpligtinge soos in die kredietooreenkoms vereis betyds na te kom nie.

"permanent ongeskik" beteken ongeskik in die mate dat daar nie redelikerwys van jou verwag kan word om jou huidige beroep of 'n soortgelyke beroep na redelike rehabilitasie of opleiding te beoefen nie.

"Petrokaart" beteken 'n Petrokaart wat ons aan u uitreik.

"PIN" beteken die persoonlike identifikasienommer wat aan die kaart gekoppel is.

"aankooptransaksie" beteken enige transaksies wat tot gevolg het dat u kredietkaart gedebiteer word met 'n bedrag gehef deur die verskaffer vir goedere of dienste wat deur gebruik van die kaart aangekoop is.

"prysgids" 'n Lys van die volledige huidige tariewe uitgereik deur FNB Kredietkaart wat op transaksies gehef kan word.

"Kwalifiserende-Rekening-Kaarthouer" beteken FNB Private Wealth-, Premier-, Private Clients- en RMB Private Bank- Tjek- of Kredietkaarthouers.

"Repokoers" beteken die koers waarteen die Sentrale Bank kontant aan die bankstelsel leen, wat 'n aanwyser vir korttermyn-rentekoerse is.

"Dienste" beteken die gebruik van SLOW in the City se fasiliteite vir privaatgebruik of vir `n Geleentheidsbespreking wat toegang insluit tot die algemene waglokaal, SLOW-drankies, onbespreekte vergaderingslokale, Wifi- en werkstasies, die bespreking van vergaderingslokale en konferensiefasiliteite, spyseniering, oudiovisuele punte en reklameborde, maar enige bykomende dienste uitsluit.

"gespesifiseerde betaling" beteken betaling benewens die maandelikse minimum bedrag wat op u maandelikse rekeningstaat weerspieël word.

"besteding" beteken alle verkoopspunttransaksies en brandstoftransaksies en sluit alle kontantaankope, kontantonttrekking by OTM's, EFO'e, derdepartybetalings en oorplasings tussen gekoppelde rekeninge uit.

"alleenstaande Petrokaart" beteken 'n Petrokaart wat ons aan u uitreik wat aan 'n afsonderlike Petrokaart-rekening in u naam gekoppel is.

"veë" beteken alle verkoopspuntaankope insluitende brandstofaankope en Cash@Till, en sluit alle kontantaankope, kontantonttrekking by OTM's, EFO's, derdepartybetalings en oorplasings tussen gekoppelde rekeninge uit.

"transaksie" beteken 'n aankoop en/of kontantonttrekking en/of oorplasing wat 'n debiet of krediet op 'n kaarthouer se rekening tot gevolg het.

"Reispolis" beteken die Reisversekering-meesterpolis, wat vir reisversekering voorsiening maak wanneer die kredietkaartkliënt 'n reiskaartjie met gebruik van die kredietkaart koop.

"Visa" beteken Visa International Services Association.

Kontakbesonderhede en Klagteprosedure

FRB SE GEREGISTREERDE ADRES

Fisiese adres
Groepsmaatskappysekretaris se kantoor
1ste Verdieping, Merchant Place 4
Hoek van Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton
2196

FNB SE GEREGISTREERDE ADRES

Fisiese adres
First Place 3
BankCity
H/V Jeppe- en Simmondsstraat
Johannesburg
2001

Posadres
Posbus 1420
Johannesburg
2000

Tel: 087 311 2111
Faks: 011 699 0981
E-posadres: fnbcard@fnb.co.za
Webadres: www.fnb.co.za

NAKOMINGSBEAMPTE VIR FNB KRDIETKAART

Fisiese adres
Die Nakomingsbeampte
3de Verdieping
First Place 1
BankCity
H/V Simmonds- en Pritchardstraat
Johannesburg
2001

Posadres
First National Bank
Posbus 1153
Johannesburg
2000

Tel: 011 371 7953
Faks: 011 371 2192

KLAGTE-AFDELING VIR FNB KREDIETKAART

Tel: 0860 100 761
Faks: 011 632 2317
E-posadres: Care@fnb.co.za

GEREGTELIKE KENNISGEWINGS KAN BETEKEN WORD BY

Fisiese adres
Nakomingsondersteuning by Interbank Risiko & Nakoming
3de Verdieping
First Place 1 BankCity
H/V Pritchard- en Simmondsstraat
Johannesburg
2001

OMBUD VIR BANKDIENSTE

Fisiese adres
Harrisonstraat 28
Johannesburg
Suid-Afrika
2000

Posadres
Posbus 5728
Johannesburg
2000

Tel: 011 838 0035 / 0860 800 900
Faks: 011 838 0043
E-posadres: Info@obssa.co.za
Webadres: www.obssa.co.za

FAIS OMBUD (Adviesverwante klagtes)

Fisiese adres
Sussex Kantoorpark
Grondverdieping, Blok B
Lynnwoodweg 473,
H/V Lynnwoodweg en Sussexlaan
Lynnwood
0081

Posadres
Posbus 74571
Lynnwoodrif
0040

Tel: 012 470 9080 / 0860FAISOM (0860324766)
Faks: 012 470 9097
E-posadres: info@faisombud.co.za
Webadres: www.faisombud.co.za

OMBUD VIR LANGTERMYNVERSEKERING (Klagtes)

Fisiese adres
3de Verdieping
Sunclaregebou
Dreyerstraat 21
Claremont
Kaapstad
7700

Posadres
Privaat Sak X7735
Claremont
Kaapstad
7735

Tel: 021 657 5000
Faks: 021 674 0951
E-posadres: info@ombud.co.za
Webadres: www.ombud.co.za

First National Bank – 'n afdeling van FirstRand Bank
Beperk 'n Gemagtigde Finansiëledienste- en Geregistreerde Kredietverskaffer. Maatskappyregnr. 1929/001225/06 NKW-regnr. NCRCP20

REGISTRATEUR VAN LANGTERMYNVERSEKERING (Reguleerder/Inligting)

Posadres
Raad op Finansiële Dienste
Posbus 35655
Menlopark
0102

Tel (Tolvry): 0800 110 443 / 0800 202 087
Faks: 012 347 0221
E-posadres: Info@fsb.co.za
Webadres: www.fsb.co.za

DIE NASIONALE KREDIETREGULEERDER (Reguleer Krediteure / Skuldberaders / Kredietburo's) / DIE NASIONALE VERBRUIKERSTRIBUNAAL (Klagtes)

Tel: 0860 627 627
Webadres: www.ncr.org.za

KREDIETBURO's Transunion ITC

Tel: 0861 482 482

Experian

Tel: 0861 105 665

Expert Decision Systems

Tel: 0860 937 000

SKULDBESKERMING

Aansoeke
Tel: 087 575 1111
Faks: 011 352 9904

Administratiewe navrae
Tel: 087 575 1111
Faks: 011 352 9904

Eise
Tel: 087 575 1111
Faks: 011 352 9904

FNB SE ADMINISTRATIEWE DEPARTEMENT
FNB Kredietkaart Premier-kliënte

Tel: 087 577 7000

Kliëntedienste vir FNB Kredietkaart (Smart-, Silver- en Gold-kredietkaarthouers)

Tel: 087 575 1111
Faks: 011 352 9904

FNB Kredietkaart Private Clients

Tel: 087 575 4727

VIR ALLE DIENSNAVRAE IN VERBAND MET:

- FNB Private Wealth Kredietkaart Nuwe Aansoeke
- Verlore of Gesteelde Kaarte
- Bedrog
- FNB Private Wealth Kredietkaartkansellasies
- FNB Private Wealth Kredietkaartinvorderings
- Bestorweboedel-departement
- FNB Private Wealth Kredietkaart-perkverhoging
- FNB Private Wealth Kredietkaartmagtigings
- FNB Private Wealth Kredietkaartretensie
- Saldo-oordrag afdeling

Tel: 087 730 6000
E-pos: servicesuite@fnbprivatewealth.co.za

RELEVANTE KONTAKNOMMERS

FNB Kredietkaart Nuwe Aansoeke
Tel: 0860 102 490 / 087 575 9430

Verlore of Gesteelde Kaarte
Tel: 0800 110 132 / 011 575 9406

Bedrog
Tel: 011 352 5910

FNB Kredietkaartkansellasies
Tel: 0800 110 132 / 087 575 9406

FNB Kredietkaartinvordering
Tel: 087 575 9432

Skuldoorsigsentrum
Tel: 0860 362 002

Bestorweboedel-departement
Tel: 011 352 6498

FNB Kredietkaart se Perkverhogingsdepartement
Tel: 087 575 9428

FNB Kredietkaartmagtigings
Tel: 087 575 9413

FNB Kredietkaartretensie
Tel: 087 575 9434

Saldo-oorplasingafdeling
Tel: 0860 282 273

NKW Hulplyn
Tel: 0860 627 627

FNB-verwante Navrae
Tel: 0860 11 22 44

First National Bank – 'n afdeling van FirstRand Bank
Beperk 'n Gemagtigde Finansiëledienste- en Geregistreerde Kredietverskaffer. Maatskappyregnr. 1929/001225/06 NKW-regnr. NCRCP20